7. Authorised dealers will also be encouraged to "marry" forward sales and purchases as far as possible and, within the imposed limits, to cover their **net forward** foreign liabilities by holding **spot** foreign assets. To the extent permitted by the reserves, the Reserve Bank will endeavour to increase these limits in due course in order to encourage the development of a forward exchange market in South Africa.

8. In order to stimulate foreign borrowing by the private sector in the interest of more rapid economic growth, the intermediation of authorised foreign exchange dealers, to extend forward cover facilities to any foreign loans negotiated by the private sector with exchange control approval. Such cover will be provided only in respect of the rand-dollar exchange risk and preferably for a period of one year at a time.

9. The Commission's recommendation that the Reserve Bank should in future extend forward cover on foreign loans by public corporations and certain other bodies in the public sector only on the rand-

dollar leg of such transactions, leaving it to these bodies themselves, as in the case of private firms, to cover themselves in an overseas forward market against the exchange risk between the dollar and any other currency in which their loans might be denominated, is accepted in a modified form. Forward cover will still be provided to these bodies by the Reserve Bank, but the rate on forward cover against liabilities in the stronger currencies of the world, such as the German mark or the Swiss franc, will in future be set at a higher level than that in respect of the US dollar and other less strong currencies. The Reserve Bank will from time to time determine these rates in consultation with the Treasury.

10. The Commission's short term recommendations in respect of a more developed and formal dual exchange rate system than the present one (as a transitional measure) will not be fully implemented at this stage. Certain adjustments to the existing dual exchange rate system in South Africa will, however, be made. The official exchange rate will be known as the "commercial rate" and will be determined in the manner indicated above. The present "securities rand" will be transformed into a "financial rand" by expanding the uses to which it can be put by non-residents. As in the case of securities rand at present, the exchange rate for the financial rand will be determined by supply and demand. This adjustment must be viewed as a transitional measure and a further step in the direction of the long-term objective, namely a market-related unitary exchange rate for the rand.

The reason for expanding the possible uses to which the present securities rand can be put, is to promote the participation of foreign capital and skills in the South African economy. The present securities rand system in the nature of the case discourages such participation. Securities rand can at present only be used by a Non-resident to purchase quoted securities and the special Non-resident bonds of the Government. Funds for investment in unquoted securities and other capital assets at present have to enter the country at the official exchange rate, following which repatriation at that rate is blocked and is only possible at the securities rand rate (except if the funds in question are first invested for seven years in the above-mentioned Non-resident bonds of the Government). Repatriation at the securities rand rate entails substantial losses for the foreign investor, since the securities rand generally stands at a discount, at present of more than 40 per cent, against the official rate. By permitting non-residents in future to use financial rand for investments in certain other assets and not only in quoted securities, a strong incentive will be provided to them to invest more funds in South Africa, particularly since the dividends on their investments will be remitted at the commercial rate.

Capital flowing in along this route will not normally benefit the reserves directly, because one non-resident will in effect be buying financial rand from another non-resident, but will create new econ-

omic activity, employment and technical advancement. These matters are urgent national objectives to which the Government wishes to grant a high priority. Of particular significance is also the fact that any outflow of capital by means of financial rand will not harm the reserves.

The transformation of securities rand into financial rand will proceed gradually and under the management and guidance of the Reserve Bank. After consultations between the Reserve Bank and the authorised foreign exchange dealers, further details in regard to the new uses of financial rand will be made available. As recommended by the Commission, any expansion of these possible uses will be restricted to the purchase of a proprietor's interest in the broad sense of the term, as distinct from the provision of loan funds. In respect of all kinds of loan capital, the commercial exchange rate will be applicable. The Commission's recommendations with regard to investments by non-residents through the medium of financial rand is, however, accepted with the proviso that such investments will at this stage only be permitted after approval by the Reserve Bank.

The Commission's further recommendation that the proposed financial rand market be opened also to residents in an evolutionary manner, will not be implemented at this stage for administrative reasons. The financial rand market will therefore remain restricted to non-residents. Except for the above-mentioned adjustments and certain other small changes which will be announced later, exchange control will therefore be maintained in its present form for the time being.

11. As recommended by the Commission, Regulation 3(1)(f) of the exchange control, which restricts domestic borrowing by foreign controlled companies in accordance with a prescribed formula and which is considered by many to be a deterrent to both domestic economic expansion and the inflow of new foreign capital, will in future be applied selectively on a more flexible basis. Enterprises which desire to expand their productive capacity in South Africa, and also new foreign controlled undertakings, will under certain conditions be permitted to exceed these limits on a temporary basis.

The Government's acceptance of the main principles contained in the Commission's Interim Report must be viewed against the background of the official policy of economic growth with financial discipline. The application of this policy has now reached the stage where greater emphasis must be placed on more rapid economic growth. The Government accepts the Commission's point of view that in short-term economic stabilisation policy in South Africa the main emphasis should fall on conservative monetary and fiscal policy and general financial discipline, and that exchange rate policy can never be a substitute for such policy and discipline. In the long run, conservative fiscal and monetary policies aimed at making the rand a strong

currency, will also have the most beneficial effects on the rate of real economic growth and on internal and external economic stability in South Africa. But the Government also accepts the Commissions recommendation that exchange rate policy should form an important part of official economic strategy designed to achieve the optimum combination of economic growth, balance of payments equilibrium and internal economic stability. And given the success of the official restrictive fiscal and monetary policy of the past three years, it is evident that greater emphasis must now be placed on economic growth.

Of particular importance to the Government in this regard is the consideration that under the present pegging system domestic economic policy objectives, such as the attainment of an adequate rate of economic growth and reasonably high levels of employment, often have to be accorded a lower policy priority than the defence of the existing fixed rand-dollar exchange rate. The implementation of the new system should afford the monetary authorities more independence in the application of domestic monetary and fiscal policies. Under the new system it should be possible for the authorities to follow a more consistent and effective anti-cyclical or growth policy by allowing the exchange rate to appreciate or depreciate to the extent necessary.

The introduction of the new exchange rate system therefore opens the way for the monetary authorities to apply such further measures aimed at promoting growth as may prove to be necessary. It is only about two months before my next Budget, when the economic situation and policy as a whole will again be reviewed. In the meantime, however, I consider it desirable to announce a further expansionary measure which I believe can contribute significantly to a higher growth rate without adding to inflation.

I believe that relief should be given to the tight cash position of many companies, and that companies in general should be helped to repay certain forms of costly financing. I therefore wish to announce that the repayments of loan levies on companies for the 1973 and 1974 income tax years will be advanced. The total amount for the two years taken together, including interest, will amount to nearly R160 million. Repayment will be made as soon as possible after 15 February this year. In the light of the exceptional success of the Government's loan programme to date, these repayments will not only assist in bringing the Government's financing of its budget deficit more in line with the targets set in my latest Budget, but will also improve the liquidity of companies and enable them to effect certain savings in financing costs, which to that extent should have an anti-inflationary influence on the price level of their products.

The general economic situation will be kept under close surveillance and, where necessary and desirable, further steps to promote sound economic growth will be taken in both the monetary and fiscal fields.

Statements regarding monetary policy

Issued by the Governor of the South African Reserve Bank, Dr. T.W. de Jongh

5 February 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to reduce the Bank rate from 8½ to 8 per cent per annum with effect from Tuesday, 6 February 1979.

This step is in accordance with the current economic policy of further stimulating domestic economic activity and also conforms to recent trends in short-term interest rates in South Africa in general.

12 March 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to effect the following adjustments to the credit control measures:

1. Credit ceilings

As from 31 March 1979 the credit ceilings of banking institutions are increased by an additional 5 per cent of their base figures as at 31 December 1975. This increase applies to the ceiling figures relating to banking institutions' discounts, loans and advances to the private sector, and their investments in securities of the private sector. The existing arrangement whereby the ceiling figures of banking institutions are increased every month by one half per cent of their base figures, continues to apply.

At the same time the total amount of credit extension to the private sector, as defined for the purposes of the credit ceilings, which a banking institution may not exceed before it becomes subject to the ceiling requirements, is increased from R15 million to R20 million. When the total credit extended to the private sector by such a banking institution reaches the new limit of R20 million, its respective ceilings will thereafter be increased monthly by one half per cent of the relevant base figures as at 31 December 1975.

2. Liquid asset requirements

As from the date of certification of their monthly returns for 28 February 1979, the supplementary liquid assets which large banks (i.e. those with total assets exceeding R800 million) have to maintain in respect of the increase in their short- and medium-term liabilities since 30 September 1975, are reduced from 20 to 10 per cent and from 8 to 4 per cent; respectively.

For the smaller banking institutions the supplementary liquid asset requirement of 20 per cent in respect of the increase in their short-term liabilities since 30 September 1975, is abolished from the date of certification of their monthly returns for 28 February 1979. The supplementary liquid asset requirement in respect of the increase since 30 September 1975 in the medium-term liabilities of

smaller banking institutions, was already abolished in August 1978.

The required notices to give effect to these changes in the credit control measures will be published in the Government Gazette shortly.

16 March 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to reduce the Bank rate from 8 to 7½ per cent per annum with effect from 17 March 1979.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Opsomming en algemene opmerkings

Ná die langdurige ekonomiese afswaai vanaf ongeveer die middel van 1974 tot die einde van 1977, het die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende 1978 matig herstel. Groot skommelings in die private verbruiksbesteding het bygedra tot 'n skerp toename in die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal en 'n daaropvolgende afname in die derde kwartaal en het dit moeilik gemaak om die sterkte van die opswaai te beoordeel, maar inligting vir die vierde kwartaal het bevestig dat daar 'n matige opwaartse neiging in die ekonomiese bedrywigheid is. Die bruto binnelandse produk het in 1978 met ongeveer 2½ persent toegeneem. Die bruto nasionale produk het teen 'n ietwat hoër koers van ongeveer 4 persent gestyg as gevolg van 'n aansienlike verbetering in Suid-Afrika se ruilvoet.

In teenstelling met die voorafgaande jaar het die ekonomiese groei in 1978 hoofsaaklik ontstaan in die sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie, terwyl laer koers van toename in die reële produk van die landbou en die mynbou aangeteken is. Hierdie verandering was die gevolg van 'n betekenisvolle toename in die reële waarde toegevoeg deur die fabriekswese, wat in 1977 nog 'n aansienlike afname getoon het, en van die feit dat die aansienlike negatiewe bydrae wat die reële produk van die groot- en kleinhandel in 1977 tot die groei gemaak het, nie in 1978 herhaal is nie. Die algemene herstel het egter nie uitgekrag tot die konstruksiesektor nie en die toegevoegde waarde daarvan het in 1978 voortgegaan om aansienlik af te neem.

Die toename in die reële bruto binnelandse produk was nie slegs op 'n toename in die volume van die uitvoer en van die netto goudproduksie gebaseer nie, maar ook op 'n matige stygging in die totale reële binnelandse vraag. Hierdie stygging in die reële bruto binnelandse besteding, wat op 'n afname in 1977 gevolg het, is meegebring deur toenames in die reële private en owerheidsverbruiksbesteding terwyl reële vaste en reële voorraadinvestering met kleiner bedrae gedaal het. Teen heersende pryse was die hoër vlak van die bruto binnelandse besteding nog aansienlik laer as die bruto nasionale produk, wat 'n aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot gevolg gehad het.

Die ekonomiese herstel is weerspieël in 'n effense toename in die werkverskaffing buite die landbou gedurende die eerste nege maande van 1978. (Meer onlangse gegewens is nog nie beskikbaar nie.) Hierdie toename is egter grotendeels verklaar deur hoër werkverskaffing in die openbare sektor en in die goudmynbedryf. Die werkverskaffing in die private sektor in sy geheel het effens afgeneem, hoofsaaklik vanweë 'n afname in die indiensneming in die fabriekswese, konstruksie en die nie-goudmynbou. Die

effense toename in die werkverskaffing buite die landbou is weerspieël in ietwat laer syfers van die werkloosheid onder alle bevolkingsgroepe.

In weerwil van verhogings van verskeie geadministreerde pryse en die instelling van die algemene verkoopbelasting, het die inflasiekoers in 1978 effens afgeneem. Indien die nie-wederkerende uitwerking van die instelling van die algemene verkoopbelasting uitgeskakel word, was 'n meer opmerklike afwaartse neiging in die verbruikerspryse in 1978 waarneembaar. Die vlak van die inflasiekoers het nietemin hoog gebly en 'n dubbelsyferkoers is nou vir die vyfde opeenvolgende jaar aangeteken.

'n Verdere verbetering van die lopende rekening van die betalingsbalans het gelei tot 'n aansienlik groter oorskot op hierdie rekening as in 1977. Dit was te danke aan 'n skerp toename in die netto goudproduksie, hoofsaaklik as 'n weerspieëling van die hoër goudprys, en aan 'n aansienlik hoër goedere-uitvoer, wat uit 'n matige toename in die volume en aansienlike stygings in die pryse van die belangrikste uitvoerprodukte voortgespruit het. Neutraliserende toenames, wat nie teen dié in die uitvoer en in die netto goudproduksie opgeweeg het nie, het in die waarde van die invoer en die netto betalings aan buitelanders op die onsigbare rekening voorgekom.

Die oorskot op die lopende rekening, aangevul deur 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal na die openbare korporasies en die private sektor, het 'n aansienlike vermindering van die korttermynlaste verwant aan reserwes sowel as terugbetalings op buitelandse langtermynlenings deur die sentrale regering toegelaat. 'n Netto uitvloeiing van ander korttermynkapitaal moes egter ook geakkommodeer word en die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het, met verontagsaming van waardasie-aansuiwerings, in 1978 slegs 'n klein toename getoon. As gevolg van die vermindering van die laste verwant aan reserwes het die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die jaar aansienlik gestyg.

'n Toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor was 'n belangrike oorsaak van 'n aansienlik hoër koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1978. Die vernaamste oorsaak van die toename was egter 'n opmerklike stygging in die monetêre banke se eise teen die private sektor. Die uitbreiding wat deur hierdie faktore teweeggebring is, is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n afname in die netto eise teen die regeringsektor en 'n skerp stygging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke. Die aansienlike toename in die bankkrediet aan die private sektor, wat hoofsaaklik gedurende die tweede kwartaal voorgekom het, was 'n weerspieëling van hoë toenamekoerse in huurkoop- en bruikhuurfinansiering en in beleggings in effekte van die private sektor. Ander lenings en voorskotte, wat hoofsaaklik lenings

en voorskotte vir nywerheids- en handelsdoeleindes omvat, het gedurende 1978 egter nog teen 'n betreklik lae koers gestyg. Die afname in die netto eise teen die regeringsektor is meegebring deur 'n toename in die regeringsdeposito's wat op sy beurt weer 'n weerspieëling was van die suksesvolle plasing van lenings by die binnelandse nie-banksektor en van 'n toename in die regering se inkomste wat die Begrotingsramings oortref het. Die regering se inkomste is opgestoot deur aansienlik hoër as verwagte inkomstebelasting- en huurkontrakbetalings deur die goudmynmaatskappye, wat voortgespruit het uit die skerp stygging in die goudprys en gevoldlik ook in die winste van die goudmynbedryf.

Op 12 Maart 1979 het die Reserwebank aangekondig dat, bo en behalwe die gereelde maandelikse verhoging, die plafonne op die bankinstellings se krediet aan die private sektor vanaf 31 Maart met 5 persent van die basissyfers soos aan die einde van Desember 1975 verhoog word. Terselfdertyd is die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor wat 'n bankinstelling nie mag oorskry nie sonder om aan die plafonvereistes onderhewig te word, van R15 miljoen na R20 miljoen verhoog. Daar is ook aangekondig dat die likwiede batevereistes verslap word vanaf die datum van die banke se sertifisering van hulle maandopgawes vir Februarie.

Die geldmark het gedurende 1978 en die begin van 1979 afwisselende tydperke van stramheid en ruimte ondervind. Die meeste van hierdie veranderings is meegebring deur die beweging van fondse na en van die regeringsektor. Die geldmarkrentekoerse het oor die algemeen in 1978 afwaarts geneig en gedurende Januarie en die eerste helfte van Februarie verder gedaal, in die besonder ná die aflossing vroeg in Februarie van staatseffekte wat hul aflosdatum bereik het. In ooreenstemming met die bewegings van die korttermynrentekoerse en ten einde 'n verdere stimulus aan die ekonomiese bedrywigheid te verleen, is die Bankkoers vroeg in 1979 by twee geleenthede verlaag, naamlik van $8\frac{1}{2}$ na 8 persent op 6 Februarie en van 8 na $7\frac{1}{2}$ persent op 17 Maart. Die vernaamste handelsbanke het gereageer deur hulle prima-oortrekingskoerse met $\frac{1}{2}$ persent in Februarie en met 'n verdere $\frac{1}{2} - 1$ persent in Maart te verlaag. By albei geleenthede is depositokoerse, met die uitsondering van die koers op gewone spaardeposito's, met $\frac{1}{2}$ persent verlaag.

'n Duidelike verruiming van die toestand op die kapitaalmark het in 1978 na vore gekom, in die besonder op die mark vir vaste-rentedraende effekte. Nieteenstaande 'n aansienlike netto opname van fondse deur die openbare sektor, het die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte aansienlik gedaal. Die opbrengskoerse op aandele het dieselfde gedoen vanweë 'n opmerklike styging in die aandelepryse. In teenstelling met die lewendigheid van die mark vir vaste-rentedraende effekte en die aandelemark was die bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmarkte stiller, maar 'n merkbare verbetering is nogtans in 1978 waargeneem.

Daar is op 24 Januarie 1979 aangekondig dat die Regering, ná oorlegpleging met die Reserwebank en ander belanghebbende partye, besluit het om 'n begin te maak met 'n geleidelike en stelselmatige proses om Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -praktekte te verander, gebaseer op die aanbevelings in die tussen-tydse verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Die uiteindelike doel van hierdie proses is 'n enkelvoudige wisselkoersstelsel waarvolgens 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eie wisselkoersvlak sal vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- en termynvalutamarkte. Die wisselkoersbewegings sal egter beheer word deur Reserwebank-“intervensie” deur middel van aankope en verkope van valuta. Die regering het die Kommissie se sienswyse aanvaar dat die uiteindelike stelsel die beste bereik kan word slegs deur 'n geleidelike aanpassingsproses. Soos later in hierdie oorsig aangedui word, is verskeie stappe gedoen om die nuwe beleid in werking te stel en binne 'n taamlik kort tydsbestek is sommige van die aanvanklike oorgangsmaatreëls deur meer permanente reëlings vervang.

Nasionale rekeninge

Matige herlewning van ekonomiese groei




Die reële bruto binnelandse produk het in 1978 met 2,5 persent toegeneem, vergeleke met ongeveer geen groei nie in 1977 en 'n koers van toename van slegs 1,3 persent in 1976. Suid-Afrika se ruilvoet het gedurende 1978 as gevolg van 'n hoër koers van toename in die uitvoerpryse (insluitende goud) as in die invoerpryse en vanweë 'n afname in die reële netto faktorbetalings aan die res van die wêrelde aansienlik verbeter. Gevolglik het die reële bruto nasionale produk in 1978 met ongeveer 4 persent toegeneem, vergeleke met geen groei nie in 1977 en 'n afname van 1 persent in 1976.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die veranderings in die reële bruto binnelandse produk van die hoofsektore van die ekonomie aansienlik van dié in die voorafgaande jaar verskil. Ten eerste het die koers van toename in die reële toegevoegde waarde van die primêre sektor, as gevolg van 'n baie laer koers van toename in die landbou- en nie-goudmynbouproduksie, van 9 persent in 1977 tot slegs $1\frac{1}{2}$ persent in 1978 afgeneem. Ten tweede is 'n daling van $5\frac{1}{2}$ persent in die reële produk van die sekondêre sektor in 1977 gevolg deur 'n toename van $3\frac{1}{2}$ persent in 1978. 'n Betekenisvolle toename in die reële produk van die fabriekswese, wat in 1977 nog 'n aansienlike afname getoon het, was hoofsaaklik vir hierdie ommeswaai verantwoordelik, maar bydraes is ook gelewer deur die hoër koers van toename in die reële produk van elektrisiteit, gas en water en deur 'n laer koers van afname in die reële toegevoegde waarde van konstruksie. Ten derde het die reële produk van die tersiêre sektor in 1978 'n hoër groeikoers getoon,


Percentasieverandering in reële bruto binnelandse en nasionale produk

	1976	1977	1978
Primêre sektor	2	9	$1\frac{1}{2}$
Landbou	1	$10\frac{1}{2}$	$2\frac{1}{2}$
Goudmynbou	-	-2	$\frac{1}{2}$
Nie-goudmynbou	6	$13\frac{1}{2}$	1
Sekondêre sektor	-1	$-5\frac{1}{2}$	$3\frac{1}{2}$
Fabriekswese	$-\frac{1}{2}$	$-6\frac{1}{2}$	5
Elektrisiteit, gas en water	4	$3\frac{1}{2}$	5
Konstruksie	-7	$-6\frac{1}{2}$	-5
Tersiêre sektor	3	$\frac{1}{2}$	2
Groot-, klein- en motorhandel	2	$-6\frac{1}{2}$	$-\frac{1}{2}$
Vervoer en kommunikasie	3	5	$4\frac{1}{2}$
dienste	6	4	4
Algemene owerheidsdienste	2	2	2
Finansiële en ander dienste			
Bruto binnelandse produk teen markpryse	$1\frac{1}{2}$	-	$2\frac{1}{2}$
Bruto nasionale produk teen markpryse	-1	-	4

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



Jaarlikse persentasieverandering in bruto binnelandse en bruto nasionale produk teen konstante 1970-pryse



naamlik 2 persent, vergeleke met slegs $\frac{1}{2}$ persent in 1977. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat die aansienlike negatiewe uitwerking van die daling in 1977 in die reële inkome wat deur die groot-, klein- en motorhandel geskep is, gedurende 1978 bykans verdwyn het. Die volume van die groothandelsverkope, met insluiting van diamante en petroleumprodukte, het in 1978 met $\frac{1}{2}$ persent toegeneem, die kleinhandelsverkope teen konstante pryse het met 4 persent afgeneem, en die reële toegevoegde waarde van die motorhandel het met 12 persent gestyg.

Die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse het in 1978 met $14\frac{1}{2}$ persent toegeneem, vergeleke met $12\frac{1}{2}$ persent in sowel 1976 as 1977. 'n Toename van 18 persent in die bruto bedryfsurplus, teenoor 'n toename van $13\frac{1}{2}$ persent in 1977, was hoofsaaklik vir die hoër groeikoers in 1978 verantwoordelik. Die koers van toename in die vergoeding van werknekmers het effens versnel vanaf $10\frac{1}{2}$ persent in 1977 tot 11 persent in 1978. Hoër groeikoerse is aangeteken in die bruto bedryfsurplus van die goudmynbou, die nie-goudmynbou, die fabriekswese en die handel, terwyl laer koerse van toename in die geval van die landbou en die sektor vervoer, opbergung en kommunikasie voorgekom het.

Die verskil tussen die groeikoerse in die bruto binnelandse produk teen heersende en konstante pryse impliseer 'n toename in die bruto binnelandse produk-deflator van $11\frac{1}{2}$ persent in 1978 teenoor $12\frac{1}{2}$ persent in 1977. Hierdie verlangsamming was die gevolg van laer koerse van toename in die binnelandse groot- en kleinhandelspryse, wat die toenames in die goudprys en in die pryse van ander uitvoerprodukte meer as geneutraliseer het.

Seisoensaangesuiwerde kwartaallikse ramings van die reële bruto binnelandse produk toon dat groei teen jaarkoerse van onderskeidelik $2\frac{1}{2}$ persent, 14 persent en 7 persent in die eerste, tweede en vierde kwartale van 1978 aangeteken is. In die derde kwartaal het die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk teen 'n jaarkoers van 7 persent gedaal.

Matige toename in reële totale binnelandse vraag

Die reële bruto binnelandse besteding het in 1978 met $2\frac{1}{2}$ persent toegeneem, vergeleke met afnames van 5 persent en $2\frac{1}{2}$ persent in 1977 en 1976, onderskeidelik. Die reële private verbruiksbesteding, wat in 1977 met $\frac{1}{2}$ persent gedaal het, het in 1978 teen 'n koers van 2 persent gestyg. Die reële owerheidsverbruiksbesteding het in 1978 dieselfde koers van toename as in 1977 getoon, naamlik 1 persent. Die reële vaste investering het met $7\frac{1}{2}$ persent afgeneem vergeleke met 8 persent in 1977 terwyl die vlak van die reële voorrade in 1978 met R259 miljoen afgeneem het, wat minder was as die daling van R336 miljoen in 1977. Neteenstaande 'n merkbare toename in die bruto binnelandse besteding teen heersende pryse in 1978, was die vlak daarvan aansienlik laer as dié van die bruto nasionale produk teen heersende pryse, met die gevolg dat die lopende rekening van die betalingsbalans 'n groot oorskot getoon het.


Klein toename in reële private verbruiksbesteding

Die klein toename in die reële private verbruiksbesteding in 1978 was geheel en al aan hoér besteding aan duursame goedere toe te skryf, soos in die bygaande tabel getoon word. In die kategorie duursame goedere het die besteding aan motors en ander private vervoertoerusting met nie minder nie as $18\frac{1}{2}$ persent gestyg, maar die besteding aan alle ander


Persentasieverandering in reële private verbruiksbesteding

	1976	1977	1978
Duursame goedere	$\frac{1}{2}$	-12	5
Meubels en huishoudelike toestelle	$-3\frac{1}{2}$	-2	$\frac{1}{2}$
Motorvoertuie, ens.	-17	-10	$18\frac{1}{2}$
Ander duursame goedere	34	-29	$\frac{1}{2}$
Semi-duursame goedere	2	$-3\frac{1}{2}$	-2
Klerasie en skoeisel	3	$-4\frac{1}{2}$	-2
Ander semi-duursame goedere	$\frac{1}{2}$	$-2\frac{1}{2}$	$-2\frac{1}{2}$
Nie-duursame goedere	3	3	2
Voedsel, drank en labak	3	3	2
Ander nie-duursame goedere	$1\frac{1}{2}$	3	1
Dienste	$4\frac{1}{2}$	2	3
Totale private verbruiksbesteding	$2\frac{3}{4}$	$-\frac{1}{2}$	2

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



Private verbruiksbesteding teen konstante 1970-pryse



goedere het traag gebly. Die reële besteding aan semi-duursame goedere het vir die tweede opeenvolgende jaar gedaal, waarskynlik as gevolg van verhoogde besteding aan duursame goedere en die verdere klein afname in die reële beskikbare persoonlike inkome. Die reële besteding aan nie-duursame goedere en dienste het gemiddeld dieselfde koers van toename as in 1977 aangeteken.

Kwartaallikse veranderings in die reële private

verbruiksbesteding ná uitskakeling van die seisoensinvloed is in die tweede en derde kwartaal van 1978 verwing deur die reaksie van verbruikers op die veranderings in bestaande indirekte belastings en die instelling van die nuwe algemene verkoopbelasting. 'n Skerp toename in die tweede kwartaal is deur 'n afname in die derde kwartaal gevolg. In die vierde kwartaal het die reële verbruiksbesteding egter weer gestyg, en wel teen 'n jaarkoers van 8 persent. Die grootste stygings is in die besteding aan duursame en semi-duursame goedere, in die besonder aan meubels, motors, klerasie en skoeisel, aangeteken.

Verdere klein toename in reële owerheidsverbruiksbesteding

Die lopende besteding van die algemene owerheid teen konstante pryse het in 1978 met ongeveer 1 persent gestyg, wat ook die groeikoers is wat in 1977 aangeteken is. Die reële vergoeding van werknemers het in 1978 dieselfde persentasietoename as in die voorafgaande jaar getoon, naamlik ongeveer 4 persent, maar die reële besteding aan goedere en ander dienste het in 1978 met 2½ persent gedaal nadat in 1977 'n daling van 3½ persent aangeteken is. Op 'n seisoensaangesuiwerde kwartaalbasis, het

die reële owerheidsverbruiksbesteding gedurende die eerste helfte van 1978 traag gebly maar gedurende die tweede helfte van die jaar matig gestyg.

Aansienlike verdere daling in reële bruto binnelandse vaste investering

Die reële bruto binnelandse vaste investering het gedurende 1978 aangehou om skerp te daal. Soos in die bygaande tabel getoon word, het dalings in die reële kapitaalbesteding van al die hoofsektore voorgekom en is dit oor feitlik alle soorte van bedrywighede versprei.

In die private sektor het slegs die reële vaste kapitaaluitgawes van die mynbou gedurende 1978 gestyg, hoofsaaklik as gevolg van hoër besteding aan uraanraarlegte. 'n Besonder groot daling is in die reële investeringsbesteding van die fabriekswese aanteken, wat die relatief hoë vlak van die onbenutte produksiekapasiteit en die algemeen lae vlak van die binnelandse vraag weerspieël het, en in die reële private woningbou. Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde reële vaste investering deur die private sektor in die derde kwartaal van 1978 sy laagstevlak in byna nege jaar bereik, maar dit is deur 'n skerp styging in die vierde kwartaal gevolg.

Die reële vaste investering deur openbare korporasies het gedurende 1978 matig gestyg. Die skerp toename in die besteding aan vervaardigingsondernemings, in die besonder aan die tweede olie-uit-steen-kolaanleg, is bykans geneutraliseer deur 'n daling in die vaste investering van die mynbou en aan elektrisiteits- en vervoerfasiliteite.

Die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare owerhede het in 1978 'n verdere groot daling getoon,

Die besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie het die grootste persentasie daling getoon, wat meegebring is deur die voltooiing van 'n aankoopprogram van nuwe vliegtuie en van die spoorlyn na Richardsbaai. Die skerp styging in die woningbou was 'n weerspieëling van die owerheid se selektiewe stimuleringsmaatreëls om die sukkelende konstruksiebedryf aan te help deur behuising aan lagerinkomegroep te verskaf.

Kleiner afname in reële voorrade

Die boekwaarde van die totale voorrade, uitgesonderd lewende hawe, het in 1978 met ongeveer R600 miljoen toegeneem, waarvan nywerheids- en handelsvoorraad ongeveer R500 miljoen bygedra het. Teen konstante 1970-pryse het die totale waarde van die voorrade met R259 miljoen gedaal, teenoor 'n afname van R336 miljoen in 1977. Verdere dalings in die reële nywerheids- en handelsvoorraad en in die diamantvoorraad is in 'n sekere mate teengewerk deur toenames in die reële landbouvoorraad in die handel en in die voorraad lewende hawe teen konstante pryse.

Seisoensaangesuiwerde kwartaalsyfers toon dat die reële voorrade gedurende die grootste deel van 1978 gedaal het. 'n Toename het slegs gedurende die derde kwartaal voorgekom, as gevolg van die skerp daling in die reële private verbruiksbesteding waarna hierbo verwys is.

Verdere opmerklike toename in bruto binnelandse besparing

Nadat die bruto binnelandse besparing in 1977 aansienlik gestyg het met R1 903 miljoen, het dit in 1978 opmerklik verder gestyg met R1 298 miljoen. Al die komponente het tot hierdie styging bygedra, met uitsondering van die persoonlike besparing wat skerp afgeneem het as gevolg van die groter toename in die private verbruiksbesteding (moontlik gemaak deur 'n aansienlike beroep op bankkrediet) as in die beskikbare persoonlike inkome. Die totale bruto binnelandse besparing het in 1978 R10 539 miljoen bedra en aangesien die totale finansieringsbehoeftes vir vaste en voorraadinvestering R9 127 miljoen bedra het, was daar 'n rekordbedrag van R1 412 miljoen beskikbaar om Suid-Afrika se netto skuldposisie teenoor die buiteland te verminder. Neteenstaande die verdere verbetering in die land se spaarprestasie in 1978, het die besparingsverhouding, dit wil sê die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk, onveranderd op sy vlak van 1977, nl. ongeveer 26% persent, gebly. Hierdie verhoudings was opmerklik hoër as die verhouding van 23,8 persent in 1976 en ook hoër as die gemiddelde jaarlikse verhouding van ongeveer 25 persent gedurende die tydperk 1970 tot 1975.

Persentasieverandering in reële bruto binnelandse vaste investering

	1976	1977	1978
Private sektor	-7½	-6½	-6
Landbou	-20	1	-3
Mynbou	-4	-10	4
Fabriekswese	-5	-11	-12
Private woongeboue	-8	-19	-16
Ander sake-ondernemings	-6	2	-4
Openbare korporasies	-1½	7	½
Fabriekswese	-29	41	43
Elektrisiteit, gas en water	31	34	-10
Ander (mynbou, vervoer, ens.)	-8	-53	-46
Openbare owerhede	5	-17½	-14
Suid-Afrikaanse Spoorweg			
Administrasie	29	-30	-37
Woongeboue	17	-36	51
Ander sake-ondernemings	-6	-12	1
Algemene owerheid	-5	-8	-10
Sentrale regering	-2	-4	-10
Provinciale administrasies	-11	-14	-4
Plaaslike besture	-3	-10	-18
Totale bruto binnelandse vaste investering	-2	-8	-7½

Konjunktuurneigings, werkverskaffing en prys

Sikliese opswaai in ekonomiese bedrywigheid


Economiese aanwysers toon dat 'n matige sikliese opswaai in die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende 1978 plaasgevind het, ná die langdurige afswaai vanaf ongeveer die middel van 1974 tot die einde van 1977. Die oplewing het gedurende die tweede kwartaal aansienlike stukrag gekry maar gedurende die derde kwartaal weer verlangsaam. Hierdie verloop is meegebring deur groot skommelings in die reële private verbruiksbesteding wat aanleiding gegee het tot 'n skerp stygging in die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal en 'n daaropvolgende afname in die derde kwartaal. Gedurende die vierde kwartaal het die reële ekonomiese bedrywigheid egter sy matige opwaartse neiging hervat. Hierdie verloop van sake blyk byvoorbeeld uit die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk van die nie-primêre sektore van die ekonomie, wat in die eerste, tweede en vierde kwartale van 1978 teen jaarkoers van onderskeidelik 7 persent, 10 persent en 6 persent gestyg het, terwyl 'n daling van 4 persent, teen 'n jaarkoers, in die derde kwartaal aangeteken is. Belangrike bydraes tot die toename in die vierde kwartaal is gemaak deur die handel, waarvan die reële toegevoegde waarde in die eerste nege maande van die jaar nog gedaal het, en deur die fabriekswese. Sekere sektore van die ekonomie het egter nog steeds slap toestande ondervind, in die besonder die konstruksiesektor.

Matige stygging in werkverskaffing en produktiwiteit

Die matige ekonomiese oplewing gedurende 1978 is in 'n effense stygging in die werkverskaffing weerspieël. Die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie, wat in 1977 geen groei getoon het nie, het in die eerste drie kwartale van 1978 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1977 met 0,6 persent gestyg. Toenames van onderskeidelik 2,7 persent en 4,5 persent in die werkverskaffing in die openbare sektor en in die goudmynbou was grotendeels vir die klein stygging in die werkverskaffing buite die landbou in die eerste drie kwartale van 1978 verantwoordelik. Die werkverskaffing in die private sektor in sy geheel het gedurende hierdie tydperk met 0,3 persent gedaal.

In teenstelling met die voorafgaande drie jare, waarin die toename in die werkverskaffing van die openbare sektor hoofsaaklik meegebring is deur 'n stygging in die werkverskaffing van die sentrale regering, is 'n meer betekenisvolle bydrae tot die toename in die eerste nege maande van 1978 gemaak deur hoér indiensneming in die res van die openbare sektor. Die afname in die werkverskaffing van die private sektor gedurende die eerste nege maande van 1978 was grotendeels die gevolg van afnames van 0,3 persent, 2,9 persent en 3,1 persent in die werkverskaffing in

Produktiwiteit en arbeidskoste per eenheid van produksie in fabriekswese



die fabriekswese, konstruksie en die nie-goudmynbou, onderskeidelik. Benewens die stygging in die werkverskaffing in die goudmynbou waarna hierbo verwys is, is effens hoër vlakke van werkverskaffing aangeteken in die geval van die groot-, klein- en motorhandel, hotelle, wasserye en droogskoonmakers, banke en bouverenigings.

Die geringe toename in die werkverskaffing buite die landbou is deur ietwat laer werkloosheidsfyfers weerspieël. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregisterde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het van 34 190 in Desember 1977 tot 31 059 in Desember 1978 en tot 28 490 in Februarie 1979 afgeneem. Dit word beraam dat laasgenoemde syfer ongeveer 1% persent van die betrokke arbeidsmag verteenwoordig. Opnames deur die Departement van Statistiek toon 'n afname in die aantal werklose Swartes, wat in September 1978 ongeveer 9,9 persent van die ekonomiesbedrywige swart bevolking bedra het.

Die algehele produktiwiteit, soos gemeet deur die produksie per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, het in die eerste drie kwartale van 1978 met 1,5 persent toegeneem, vergeleke met 'n afname van 1,0 persent in 1977. In die fabriekswese het die produksie per man-uur in die eerste nege

maande van 1978 'n betekenisvolle toename van 3,3 persent getoon, teenoor 'n afname van 4,8 persent in 1977. Die verbeterde produktiwiteit het die koers van toename in die arbeidskoste per eenheid van produksie verminder. In die fabriekswese, byvoorbeeld, het die koers van toename in die arbeidskoste per eenheid van produksie van onderskeidelik 17,1 persent en 16,0 persent in 1976 en 1977 tot 5,9 persent in die eerste nege maande van 1978 gedaal.

Verdere afname in die reële vergoeding van arbeid

Die gemiddelde vergoeding van werkers in die nie-landbousektore van die ekonomie het in die eerste drie kwartale van 1978 met 9,1 persent gestyg, vergeleke met onderskeidelik 10,0 persent en 13,2 persent in die kalenderjare 1977 en 1976. In reële terme is 'n daling van 1,1 persent in die gemiddelde vergoeding per werker in 1977 egter deur 'n verdere afname van 1,4 persent in die eerste nege maande van 1978 gevolg. Die gemiddelde reële vergoeding van Nie-blanke werkers, wat gedurende die voorafgaande jare toegeneem het, het in die eerste drie kwartale van 1978 afgeneem, terwyl die afname in dié van Blanke werkers gedurende hierdie tydperk deur afnames in 1976 en 1977 voorafgegaan is.

Percentasieverandering in salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore


	1976	1977	1978*
Blankes:			
Teen heersende pryse	10,1	8,4	8,2
Teen konstante pryse	-0,9	-2,6	-2,2
Nie-blankes:			
Teen heersende pryse	15,9	11,9	10,2
Teen konstante pryse	4,3	0,6	-0,4
Alle bevolkingsgroepe:			
Teen heersende pryse	13,2	10,0	9,1
Teen konstante pryse	1,9	-1,1	-1,4

*Sylers tot 30 September 1978 vergeleke met sylers vir die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar

Effens laer inflasiekoe

Die inflasiekoe het in 1978 effens afgeneem nienteënstaande toenames in verskeie geadministreerde pryse, die instelling van die nuwe algemene verkoopbelasting en die nadelige invloed van 'n daling in die wisselkoers van die rand op die pryse van ingevoerde goedere. Die gemiddelde maandelikse verbruikersprysindeks het gestyg met 10,1 persent (8,6 persent as die geraamde uitwerking van die algemene verkoopbelasting uitgesluit word), vergeleke met 'n toename van 11,2 persent in 1977. Laer koeise van toename het in die pryse van duursame verbruiksgoedere, alkoholiese drank en tabak, in huiseienaarskoste en in die koste van vervoerdienste voorgekom. Hoër koeise

Percentasieverandering in verbruikerspryse



van toename is egter in die pryse van voedsel, klerasie en ontspannings- en persoonlike dienste en in woonstelhuur aangeteken.

Op 'n kwartaalbasis het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikerspryse van 9,2 persent in die eerste kwartaal van 1978 tot 5,3 persent in die tweede kwartaal afgeneem, maar tot 22,7 persent (9,9 persent as die geraamde uitwerking van die algemene verkoopbelasting uitgesluit word) in

die derde kwartaal gestyg, en vervolgens tot 8,5 persent in die vierde kwartaal gedaal. 'n Laer koers van toename is in die vierde kwartaal aangeteken niteenstaande vinniger stygings in die pryse van voedsel, woonstelhuur, bediendelone en die koste van sekere persoonlike dienste. Van Januarie 1978 tot Januarie 1979 het die verbruikerspryse met 11,2 persent gestyg. Met uitsondering van 'n voortgesette skerp styging in die pryse van voedsel en 'n styging in die prys van petrol, het die pryse van alle ander goedere en dienste gedurende Januarie die laer koers van toename wat in die vierde kwartaal van 1978 aangeteken is, gehandhaaf.

Die gemiddelde maandelikse groothandelspryseindeks het in 1978 met 9,7 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 12,9 persent in 1977. Die daling in hierdie koers was die gevolg van kleiner toenames in die pryse van binnelandsgedurende sowel as van ingevoerde goedere. Met uitsondering van marginaal hoër koers van toename in die pryse van landbouprodukte, nie-elektriese masjinerie en tabak, het die pryse van alle hoofitems wat by die indeks van binnelandsgedurende goedere ingesluit is, teen laer koers gestyg.


Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die groothandelspryse in die eerste kwartaal van 1978 skerp gestyg met 13,8 persent. Dit is gevolg deur laer koers van toename van 9,6 persent en 6,8 persent in die tweede en derde kwartale onderskeidelik. Hoofsaaklik as gevolg van die hoër koers van toename in die pryse van landbouprodukte, vervaardigde basiese metale en metaalprodukte, masjinerie en vervoertoerusting en ingevoerde goedere, het die koers van toename in die groothandelspryse in die vierde kwartaal van 1978 tot 12,3 persent versnel. Van Januarie 1978 tot Januarie 1979 het die groot-handelspryse met 10,5 persent gestyg.

Betalingsbalans

Aansienlike verdere verbetering in die lopende rekening

Nadat die eerste kalenderjaaroorskot in nege jaar in 1977 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken is, het 'n verdere verbetering gedurende 1978 voorgekom. Volgens voorlopige syfers het die oorskot in 1978 R1 412 miljoen bedra, vergeleke met R465 miljoen in 1977. Hierdie aansienlik groter oorskot is hoofsaaklik teweeggebring deur stygings in uitvoerpryse sowel as deur 'n styging in die volume van die uitvoer. Nie slegs die prys van goud nie, maar ook die prys van 'n aantal ander belangrike uitvoerprodukte het gedurende 1978 skerp gestyg. Hierdie gunstige ontwikkelings is gedeeltelik teengewerp deur 'n toename in die waarde van die goedere-invoer en in die netto onsigbare betalings aan buitelanders.

Lopende rekening van die betalingsbalans



Oorskot op lopende rekening



		Seisoens-aangesuiwerde jaarkoers (R miljoene)	Percentasie van bruto binnelandse produk
1977	3de kw	96	0,3
	4de kw	1 110	3,1
1978	1ste kw	1 054	2,8
	2de kw	896	2,3
	3de kw	1 798	4,4
	4de kw	1 900	4,5

Gedurende die eerste helfte van 1978 was die oorskot op die lopende rekening, seisoensaangesuiwerd, gemiddeld effens kleiner as in die laaste kwartaal van 1977. Daarna het die oorskot gedurende die daaropvolgende ses maande skerp toegeneem en in die vierde kwartaal van 1978 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoerssyfer van R1 900 miljoen bereik. Hierdie verdere verbetering van die lopende rekening gedurende die tweede helfte van 1978 het voorgekom ondanks 'n skerp stygging in die goedere-invoer en was toe te skryf aan toenames in die goedere-uitvoer en die netto goudproduksie en 'n afname in die netto onsigbare betalings aan buitelanders.

'n Skerp stygging in die prys van goud en 'n effense toename in die volume van die goudproduksie het 'n stygging in die waarde van die netto goudproduksie van R2 795 miljoen in 1977 tot R3 863 miljoen in 1978 meegebring, 'n toename van ongeveer 38 persent. Die toename in die prys van goud was die sterkste gedurende die tweede helfte van 1978, ondanks skerp skommelings gedurende die vierde kwartaal. Nadat op 31 Oktober 'n nuwe rekordprys per fyn ons van \$243,65 bereik is, het die prys na 'n laagtepunt van \$193,40 op 30 November gedaal. Vervolgens het dit weer tot \$226,00 per fyn ons op 31 Desember en tot 'n hoogtepunt van \$254,00 op 8 Februarie 1979 gestyg en daarna vir die oorblywende gedeelte van Februarie tussen \$240 en \$252 geskommel. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud per fyn ons op die Londense mark het in 1978 \$193,26 beloop, vergeleke met \$147,71 in 1977.

Stygings in die prys van 'n aantal belangrike uitvoerprodukte was hoofsaaklik verantwoordelik vir die toename in die waarde van die goedere-uitvoer van R6 293 miljoen in 1977 tot R7 434 miljoen in 1978, 'n vermeerdering van ongeveer 18 persent. In die besonder het daar aansienlike stygings voorgekom in die prys van diamante, platina, uraan en vrugte, en kleiner toenames is ook aangeteken in die prys van ferrochroom, wol en steenkool. Hierdie prysstygings is aangevul deur toenames in die volume van die uitvoer van goedere soos ferrochroom, steenkool, mielies en sagte vrugte, wat 'n afname in die volume van die uitvoer van suiker, wol en asbes oorskry het. Kwartaalsyfers toon 'n skerp toename in die waarde van die goedere-uitvoer in die vierde kwartaal van 1978, naamlik vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaar-

Betalingsbalans




koers van R7 695 miljoen in die derde kwartaal tot R8 285 miljoen in die vierde kwartaal.

Nadat die waarde van die goedere-invoer vanaf R7 443 miljoen in 1976 tot R6 881 miljoen in 1977 gedaal het, het dit in 1978 met ongeveer 17 persent tot R8 069 miljoen gestyg. Hierdie skerp toename in die invoer gedurende 1978 weerspieël hoofsaaklik stygings in die pryse van ingevoerde goedere, maar ook 'n klein stygging in die volume. Die toename in die invoer het oor 'n wye reeks goedere voorgekom maar was veral groot in die geval van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en chemiese

produkte. Wat kwartaalveranderings betref, het die invoer in die vierde kwartaal van 1978 skerp toegenem toe 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoerssyfer van R8 980 miljoen aangeteken is.

Die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het van R1 742 miljoen in 1977 tot R1 816 miljoen in 1978 toegeneem. 'n Toename in die dienstebetalings is nie ten volle deur 'n stygging in die dienste- en oordragontvangste geneutraliseer nie. Die stygging in die dienstebetalings is meegebring deur groter vrag en verskering op goedere, meer toeriste wat ander lande besoek het, en groter dividendbetalings. Die stygging in die dienste-ontvangste was op sy beurt weer hoofsaaklik die gevolg van toenames in vervoerdienste wat aan buitelanders gelewer is en in dividendontvangste op buitelandse belegging.

Ruilvoet



Groot netto kapitaaluitvloeiing

In 1978 is 'n netto kapitaaluitvloeiing van R1 370 miljoen op die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangeteken, vergeleke met R810 miljoen in die voorafgaande jaar. Verskeie faktore het tot hierdie aansienlike uitvloeiing bygedra. Ten eerste het die monetêre owerhede netto terugbetalings gemaak op buitelandse korttermynlenings wat tevore aangegaan is om die buitelandse valutabesit te ondersteun. Ten tweede het die sukses van die Tesourie se binnelandse leningsbedrywigheid en die groter as verwagte toename in die skatkisontvangste, netto terugbetalings op buitelandse langtermynskuld deur die regering moontlik gemaak. Ten derde was die betreklik lae groeikoerse van die binnelandse ekonomie, die bestaan van surplus produksiekapasiteit in die meeste sektore van die ekonomie en die betreklik ruim toestand op die binnelandse kapitaalmark nie bevorderlik vir nuwe buitelandse beleggings nie. Ten vierde het politieke onsekerhede met betrekking tot Suidelike Afrika 'n negatiewe invloed op buitelandse beleggers se houding gehad. Ten vyfde het 'n skerp toename in die buitelandse koste van handelsfinansiering in vergelyking met die binnelandse koste vanaf ongeveer die middel van 1978 ook tot 'n uitvloeiing

Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1977	1978
Langtermynkapitaal:		
Sentrale regering en banksektor	-58	-426
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	98	210
Private sektor	256	179
Totaal	296	-37
Laste verwant aan reserwes	-221	-437
Ander korttermynkapitaal, insluitende handelsfinansiering en foute en weglatings	-885	-896
Totaal	-810	-1 370

van korttermynfondse gelei. Ten laaste het verwagtings aangaande 'n depresiasi van die rand by tye tot spekulatiewe uitvloeiings van kapitaal gelei.


Uit die bygaande tabel is dit duidelik dat die uitvloeiing van kapitaal gedurende 1978 grotendeels uit korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, bestaan het. Daarbenewens was daar 'n groot netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van die sentrale regering en banksektor en 'n skerp afname in die laste verwant aan reserwes. In teenstelling hiermee is 'n aansienlike netto invloeiing van langtermynkapitaal na openbare korporasies en plaaslike overhede en na die private sektor aangegeteken. Hierdie netto invloeiing van langtermynkapitaal is hoofsaaklik verklaar deur lenings wat in die buiteland verkry is vir die olie-uit-steenkool-aanleg, die kernkragsitasie en aankope van vraghouerskepe.

Skerp skommelinge het in die loop van 1978 in die netto uityloeiing van kapitaal voorgekom. Die netto kapitaaluityloeiing het van R481 miljoen in die eerste kwartaal tot R100 miljoen in die tweede kwartaal van die jaar gedaal, voordat dit tot R648 miljoen in die derde kwartaal toegeneem het. Daarna het dit tot R141 miljoen in die laaste kwartaal van 1978 gedaal. Die betreklik klein netto uitvloeiing van kapitaal gedurende die vierde kwartaal het bestaan uit 'n afname in die laste verwant aan reserwes, terugbetaalings op langtermynregeringslenings, 'n invloeiing van ander langtermynkapitaal, en 'n matige netto uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie.

Toename in goud- en ander buitelandse reserwes

Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende 1978 met R1 442 miljoen tot 'n vlak van R2 230 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem. Hierdie aansienlike toename was egter bykans geheel en al die gevolg van die herwaardering van die land se goudreserwes teen markverwante pryse. Indien waardasie-aansuiwerings uitgesluit word, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende 1978 weens betalingsbalanstransaksies met slegs R42 miljoen toegeneem. Hierdie toename is grotendeels weerspieël in die buitelandse valutabesit van banke in die private sektor, maar 'n klein toename is ook in die buitelandse valutareserwes van die Reserwebank aangeteken. Indien die invloed van die maandelikse herwaardasie van die goudreserwes uitgeskakel word, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende Januarie en Februarie 1979 met R234 miljoen toegeneem. Hierdie toename was blybaar die gevolg van, ten eerste, 'n spekulatiewe invloeiing van kapitaal wat gevvolg het op die revaluasie van die rand teen die VSA-dollar gedurende Februarie. Die daaropvolgende appresiasi van die rand onder die stelsel van beheerde sweing het bygedra tot die ontwikkeling van 'n gunstige posisie in die "vervroegings en vertragings" voortspruitende uit handelsfinansiering. Alhoewel gegevens oor die valutabesit van die handelsbanke en ander bankinstel-

Effektiewe koste van handelsfinansiering



lings soos aan die einde van Februarie nog nie beskikbaar is nie, kan dit verwag word dat dit onder die omstandighede tot minimum-bedrae verminder is. Ten tweede het die verandering in die valutatermin-dekkingsvoorskrifte aan die einde van Januarie die uitvloeiing van kapitaal as gevolg van die omskakeling van buitelandse na binnelandse handelsfinansiering aan bande gelê.

Aansienlike netto terugbetaalings op lenings wat as laste verwant aan reserwes geklassifiseer word, het gedurende 1978 'n toename van R479 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes tot gevolg gehad, vergeleke met 'n afname van R124 miljoen in 1977. Hierdie toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende die tweede helfte van die jaar aansienlik versnel. Terwyl die gemiddelde kwartaallike toename in die eerste ses maande R48 miljoen beloop het, het dit tot R163 miljoen in die derde kwartaal en R220 miljoen in die vierde kwartaal van die jaar gestyg.

Veranderings in wisselkoersbeleid en -prakteke

Op 24 Januarie 1979 het die Minister van Finansies aangekondig dat die Regering, na oorlegpleging met die Reserwebank en ander belanghebbende partye, besluit het om 'n begin te maak met 'n geleidelike en stelselmatige proses van verandering van Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -prakteke op grond van aanbevelings in die tussentydse verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Die uiteindelike doel van hierdie proses is 'n enkelvoudige wisselkoersstelsel waarvolgens 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eievlak sal vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- en termynvalutamarkte. Volgens hierdie stelsel sal bewegings van die wissel-

koers deur intervensie deur die Reserwebank beheer word deur middel van aankope en verkope van buitelandse valuta. Die Regering het die Kommissie se sienswyse aanvaar dat die uiteindelike stelsel in die huidige stadium nie ten volle ingevoer kan word nie, maar die beste resultaat slegs deur 'n geleidelike proses van aanpassing bereik kan word.

Verskeie stappe is gedoen om uitvoering aan die nuwe beleid te gee:

1. Die Reserwebank sal aanvanklik voortgaan om voorafbepaalde koop- en verkoopkoerse vir die VSA-dollar te kwoteer waarteen hy bereid sal wees om transaksies met die gemagtigde valutahandelaars aan te gaan. Hierdie koerse sal meer dikwels in ooreenstemming met veranderde omstandighede aangepas word.
2. Ten einde 'n breër, meer aktiewe en mededingende valutamark te ontwikkel, sal die Reserwebank nie meer vir gemagtigde valutahandelaars verpligte vaste openbare koop- en verkoopkoerse vir VSA-dollars voorskryf wat hulle in hulle transaksies met die publiek moet toepas nie.
3. Gemagtigde valutahandelaars sal toegelaat word om tot redelike bedrae "ope posisies" in buitelandse valuta daarop na te hou en om, binne perke voor-geskryf deur die Reserwebank, vir hulle eie rekening in buitelandse valuta handel te dryf.
4. Ten einde die volume van regstreekse valutatransaksies buite die Reserwebank uit te brei, sal die Bank, in oorleg met die Departement van Finansies, ondersoek instel na die doenlikheid daarvan om minstens 'n deel van die opbrengs van die verkope van Krugerrande en diamante, sowel as van die opbrengs van buitelandse lenings deur die openbare korporasies en munisipaliteite aangegaan, deur die gemagtigde handelaars te kanaliseer. Die Reserwebank sal egter voortgaan om staafgoud te bemark en om die dollaropbrengs in die mark te verkoop. Die Bank sal ook voortgaan om die opbrengs van sy eie en die regering se buitelandse lenings te hanteer.
5. Ten einde die proses van die geleidelike ontwikkeling van 'n aktiewe en mededingende termynvalutamark in werking te stel, sal die Reserwebank nie meer 'n vaste heffing of kommissie kwoteer wat deur sowel invoerders as uitvoerders vir termyndekking betaal moet word nie. In die toekoms sal een (middel-) prys vir termyndollars van enige spesifieke looptyd gekwoteer word en termynmarges sal op 'n veranderlike en meer markverwante basis vasgestel word. Die gemagtigde handelaars sal aangemoedig word om termynverkope en -aankope soveel moontlik teen mekaar af te sit en om, binne die neergelegde perke, hulle netto termynvalutaverpligtigs te dek deur kontantbates in buitelandse geldeenheid aan te hou.
6. Die Reserwebank sal bereid wees om, deur bemiddeling van die gemagtigde valutahandelaars, termyndekksfasilitete aan te bied vir buitelandse lenings wat deur die private sektor met valuta-beheergoedkeuring aangegaan is, maar slegs ten

opsigte van die risiko op die rand-dollarwisselkoers en slegs vir 'n tydperk van een jaar op 'n slag. Termyndecking sal nog steeds deur die Reserwebank aan die openbare korporasies en ander liggeme in die openbare sektor verleen word, maar die koers vir termyndekking vir verpligtigs in sterker geldeenheid soos die Duitse mark en die Switserse frank, sal op 'n hoërvlak as dié ten opsigte van die VSA-dollar en ander minder sterk geldeenheid vasgestel word.

7. As 'n eerste stap in die rigting van 'n markverwante enkelvoudige wisselkoers vir die rand sal die "effekterand" na 'n "finansiële rand" omgeskakel word deur 'n uitbreiding van die gebruik wat nie-inwoners daarvan kan maak. In plaas daarvan dat effekterand slegs gebruik kan word om genoemde effekte en die spesiale nie-inwonerobligasies van die Regering aan te koop, sal nie-inwoners toegelaat word om ook in ongenoteerde effekte en ander kapitaalbates te belê. Die omskakeling van effekterand na finansiële rand sal geleidelik onder die toesig en leiding van die Reserwebank geskied. Die doel van hierdie verandering is om 'n aansporing aan buitelanders te verskaf om in Suid-Afrika te belê, in die besonder omdat die dividende op hulle beleggings teen die kommersiële wisselkoers oorgeplaas sal kan word. Die buitelandse reserwes van die land sal egter nie regstreeks by sodanige transaksies baat nie omdat een nie-inwoner finansiële rand van 'n ander koop.

Vanaf 29 Januarie tot 26 Februarie 1979 het die Reserwebank sy gekwoteerde wisselkoers vir die VSA-dollar by twee geleenthede verander, naamlik op 8 Februarie toe die rand met 1,7 persent geappresieer is tot 'n middelkoers van \$1,17 per R1, en op 20 Februarie toe 'n verdere opwaartse aanpassing tot \$1,18 per R1 gemaak is. Op 27 Februarie het die Reserwebank die praktyk laat vaar om vaste voorafbepaalde koerse vir VSA-dollars te kwoteer. Sedertdien het die rand effens teenoor die dollar geappresieer.

Op 5 Maart het 'n nuwe prosedure in werking getree waarvolgens die opbrengs van Krugerrandverkope regstreeks na gemagtigde handelaars in die valutamark gekanaliseer word in plaas van na die Reserwebank. Die oogmerk is dat 'n deel van die opbrengs van diamantverkope ook regstreeks in die mark in plaas van aan die Reserwebank verkoop sal word.

Die kommissie van 1 persent per jaar op termyndekking is op 25 Januarie 1979 afgeskaf en die Reserwebank se termynmarge op VSA-dollars is op 'n dollardiskonto (of randpremie) van 2 persent per jaar vasgestel. Hierdie termyndollardiskonto, of termynrandpremie, was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die feit dat die dollarrentekoerse op hoërvlakte as dié in Suid-Afrika is. Die onmiddellike uitwerking van hierdie verandering was 'n vernouing van 3 persentasiepunte van die marge tussen die effektiewe koste van handelsfinansiering in VSA-dollars en in rand. Aan die einde van Januarie het die verskil gevoldiglik

tot minder as 1 persent gekrimp, maar 'n vinniger daling in die korttermynrentekoerse in Suid-Afrika as in die Verenigde State het meegebring dat die marge op 9 Maart tot 1,6 persent vergroot het. Soos hierbo aangetoon is, het die valutareserves van die Reserwebank gedurende Februarie aansienlik gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n invloeiing van korttermynkapitaal wat voorgekom het ten spyte van die vergroting van die rentekoersverskil. Op 8 Maart het die Reserwebank begin om sy termynkoerse op die heersende kontantkoers te baseer. Voorheen is dit bepaal op basis van die sluitingskontantkoers van die vorige dag.

Monetêre en banktoestand

Vinniger toename in geld en kwasi-geld

Die geld- en kwasi-geldhoeveelheid, wat gedurende 1977 teen 'n betreklik lae koers van 7 persent toegenem het, het gedurende 1978 vinniger met 12 persent vermeerder. Op soortgelyke wyse het die koers van toename in die eng gedefinieerde geldvoorraad van 5 persent in 1977 tot 10 persent in 1978 gestyg.

Op 'n kwartaalbasis het die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld vanaf die tweede kwartaal van 1978 beduidend hoër geword. 'n Jaarkoers van toename van slegs 2 persent gedurende die eerste kwartaal is gedurende die laaste drie kwartale van die jaar agtereenvolgens deur jaarkoerse van toename van 17 persent, 15 persent en 13 persent gevolg. Die eng gedefinieerde geldvoorraad het gedurende die vierde kwartaal van 1978 skerp gestyg teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van 34 persent, teenoor 'n gemiddelde jaarkoers van toename van slegs 3 persent gedurende die voorafgaande drie kwartale. Gedurende Januarie 1979 het die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldhoeveelheid slegs 'n geringe verandering getoon en met ongeveer R9 miljoen gedaal.


Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die hoër koers van toename in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid gedurende 1978 is meegebring deur 'n stijging in die netto goud- en ander buitelandse reserves van die monetêre banksektor en in die eise van die monetêre banke teen die private sektor. Die netto eise teen die regeringsektor het gedurende 1978 gedaal en die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke het 'n opmerklike verdere stijging getoon.


Dorsake van veranderings in geld- en kwasi-geld R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie						Seisoensinvloed uitgeskakel					
	Jaar 1978	1978					1979 Jan.					
		1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.							
Netto goud- en ander buitelandse reserves	501	57	44	242	146		137					
Eise teen die regeringsektor												
Bruto eise	-14											
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-246											
Netto eise	-260	-65	-385	181	20		-109					
Eise teen die private sektor	1 265	204	732	210	110		-40					
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-797	-186	-251	-287	-76		-34					
Netto ander bates	489											
Totale oorsake van veranderings	1 198	48	406	378	346		-9					

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



In teenstelling met 'n toename van slegs R60 miljoen gedurende 1977 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor gedurende 1978 met nie minder nie as R501 miljoen gestyg, wat hoofsaaklik 'n vermindering van R418 miljoen in die korttermyn buitelandse laste van hierdie sektor weerspieël het. Die grootste deel van die styging in die netto reserwes het gedurende die tweede helfte van 1978 voorgekom, in die besonder gedurende die derde kwartaal.

Die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende die tydperk Februarie tot Augustus 1978 aansienlik gestyg. Gedurende September en Oktober het hierdie eise marginaal gedaal voordat dit gedurende die res van die jaar weer toegeneem het. Die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, het gedurende die eerste helfte van 1978 met R450 miljoen gedaal, grotendeels as gevolg van 'n toename van R374 miljoen in die regeringsdeposito's gedurende hierdie tydperk. Gedurende die tweede helfte van die jaar het die netto eise teen die regeringsektor egter met R201 miljoen gestyg, waarvan die grootste deel gedurende die derde kwartaal. Die toename in die binnelandse kredietverlening, d.w.s. die totaal van die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor en sy eise teen die private sektor, het van seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 11 persent en 12 persent in die tweede en die derde kwartaal tot slegs 4 persent in die laaste kwartaal van die jaar verlangsaam.

Die seisoensaangesuiwerde langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor het gedurende al vier kwartale van 1978 aangehou om te styg. Ná skerp toenames gedurende die eerste drie kwartale van die jaar is daar gedurende die vierde kwartaal egter 'n aansienlik kleiner styging aangeteken.

Gedurende Januarie 1979 is 'n verdere toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes, na uitskakeling van die seisoensinvloed, meer as geneutraliseer deur afnames in die seisoensaangesuiwerde netto eise teen die regeringsektor en in die eise teen die private sektor sowel as deur 'n verdere styging in die private langtermyndeposito's. Die afname in die netto eise teen die regeringsektor is hoofsaaklik meegebring deur 'n aansienlike toename van R160 miljoen in die regeringsdeposito's gedurende Januarie.

Hoër koers van toename in bankkrediet aan die private sektor

Die bankkrediet aan die private sektor het gedurende 1978 met ongeveer 13 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van slegs 6 persent gedurende die voorafgaande jaar. Gedurende die tweede kwartaal van 1978 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename nie minder nie as 34 persent beloop; gedurende die derde en die vierde kwartaal het dit egter na langer vlakke van onderskeidelik 8 en 5 persent teruggekeer. Die aansienlike toename gedurende die tweede

kwartaal was grotendeels gebaseer op 'n sterk oplewing in die verbruiksbesteding voor die instelling van die algemene verkoopsbelasting in die begin van Julie.

Die beleggings van die monetêre bankinstellings in effekte van die private sektor het dwarsdeur 1978 aanhoudend toegeneem en R271 miljoen van die totale toename van R1 265 miljoen in die eise teen die private sektor verklaar. Die kaskredietvoorskotte van die Landbank was gedurende die tweede en derde kwartale seisoenaal hoog maar het nie gedurende die vierde kwartaal in ooreenstemming met die gebruiklike seisoenspatroon gedaal nie, hoofsaaklik vanweë die minder gunstige produksietoestand in die landbou.

Die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het in 1978 met 12 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van slegs 2 persent gedurende 1977. Die huurkoop- en bruukhuurfinansiering wat deur hierdie banke verleen is, het gedurende die jaar vinnig met R603 miljoen, of ongeveer 38 persent, uitgebrei. Wissels verdiskonter het daarenteen met R95 miljoen gedaal. Alle ander lenings en voorskotte van die betrokke banke, wat hoofsaaklik lenings en voorskotte vir nywerheids- en handelsdoeleindes verteenwoordig, het gedurende 1978 met slegs 6 persent toegeneem.

Alhoewel die bankkrediet aan die private sektor, ná seisoensaansuiwering, gedurende Januarie matig met R40 miljoen afgeneem het, het die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke met R72 miljoen gestyg terwyl die beleggings van monetêre bankinstellings in effekte van die private sektor met R34 miljoen afgeneem het.

Op 12 Maart 1979 het die Reserwebank aangekondig dat die plafonne op die bankinstellings se diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor en hulle beleggings in effekte van die private sektor met 'n verdere 5 persent van die onderskeie "basis"-syfers soos aan die einde van Desember 1975 verhoog

word en dat hierdie verhogings vanaf 31 Maart van krag word. Die gereelde maandelikse verhoging van die plafonne met $\frac{1}{2}$ persent van die betrokke basis-syfers sal van krag bly. Terselfdertyd is die totale bedrag van die kredietverlening aan die private sektor, soos vir doeleindeste van die kredietplafonne omskryf, wat 'n bankinstelling nie mag oorskry nie sonder om aan die plafonvereistes onderhewig te word, van R15 miljoen na R20 miljoen verhoog. In dieselfde verklaring is aangekondig dat die aanvullende likwiditeit vereistes wat op "groot" bankinstellings (d.w.s. banke waarvan die totale batebesit R800 miljoen oorskry) van toepassing is ten opsigte van die toenames in hulle kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek sedert 30 September 1975, van 20 na 10 persent en van 8 na 4 persent, onderskeidelik, verlaag word en dat hierdie verlaging vanaf die datum van die banke se sertifisering van hulle maandopgawes vir Februarie 1979 in werking tree. Vir die kleiner bankinstellings is die aanvullende likwiditeit vereiste van 20 persent ten opsigte van toenames in hulle korttermynverpligtings geheel en al afgeskaf. Die ooreenstemmende vereiste ten opsigte van toenames in hulle middeltermynverpligtings is reeds in September 1978 afgeskaf.

Verbetering in banklikwiditeit

Die oorskotlikwiditeit van die monetêre bankinstellings, wat gedurende die eerste agt maande van 1978 op betreklik lae vlakke gestaan het, het gedurende die res van die jaar verbeter. Die likwiditeitsposisie van ander bankinstellings het egter dwarsdeur die jaar stram gebly. Soos uit die bygaande tabel blyk, was die hoofsoort van die verbetering in die likwiditeitstoestand van die bankinstellings gedurende 1978 die groter bydrae van die buitelandse sektor tot die banke se werklike likwiditeit batebesit. Gedurende die laaste paar maande van 1978 het die owerheidsektor en, in mindere mate, die bankstelsel self, ook tot die

Sektorale oorsprong van banke se besit aan likwidiete bates en oorskotlikwiditeitsverhouding van bankinstellings R miljoene

	1978					
	Mrt.	Jun.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
Buitelandse sektor	102	94	321	605	755	519
Owerheidsektor	2 557	2 688	2 579	2 495	2 699	2 729
Private nie-banksektor	694	678	804	756	494	685
Bankstelsel	856	1 009	985	927	983	1 082
Totale besit aan likwidiete bates	4 209	4 469	4 689	4 783	4 931	5 015
Min.						
Likwidiete bates nie bruikbaar vir likwiditeit batevereistes nie	-13	-14	-11	-6	-8	-9
Min.						
Vereiste likwidiete bates	-4 035	-4 162	-4 334	-4 334	-4 416	-4 531
Oorskot likwidiete bates	161	292	344	443	507	475
Oorskot likwiditeitsverhouding, %	1,2	2,0	2,3	2,9	3,3	3,1

verbeterde oorskotlikwiditeitstoestand bygedra.

Gedurende Januarie 1979 het die oorskotlikwiditeitsverhouding van alle bankinstellings om seisoensredes redelik aansienlik gedaal. Die oorskotlikwiditeitsverhouding van die monetêre bankinstellings het van 3,2 persent tot slegs 1,7 persent afgeneem. Die verhouding vir alle bankinstellings het gedaal van 3,1 persent tot 1,6 persent.

Geldmarktoestand en rentekoerse

Die geldmark het gedurende 1978 en in Januarie en Februarie 1979 afwisselende tydperke van ruimte en stramheid ondervind, waarby die vloei van fondse na en van die regeringsektor die hoofsoort van hierdie skommelings was. Die totale deposito's by die diskontohuise het egter groter skommelings as gedurende vorige jare getoon. Dit was grotendeels die gevolg van die deurgaans laevlak van die vrye saldo's wat deur die banke by die Nasionale Finansiekorporasie gehou is, wat beteken het dat skommelings in die daggelddeposito's in besit van die bankstelsel deur die diskontohuise eerder as deur die Korporasie geabsorbeer moes word. Om dieselfde rede moes die diskontohuise die Reserwebank meer dikwels en vir groter bedrae om akkommodasie nader as gedurende voorafgaande jare.

Die geldmark het gedurende die eerste kwartaal van 1978 vernou, gedurende die grootste deel van die tweede kwartaal opmerklik verruum, maar oor die einde van Junie weer skerp vernou. Dit het gedurende Julie en Augustus verruum, was oor die einde van Augustus weer stram, en het vervolgens tot die einde van November deurlopend verruum, met name

ná die eerste week in Oktober. Daarna het die mark oor die einde van November vernou, gedurende Desember 'n voortgesette tekort aan fondse ondervind, en veral gedurende die eerste week van Januarie 1979 vernou. Nadat dit gedurende en oor die einde van Januarie stram gebly het, het die mark gedurende Februarie buitengewoon likwied geword. Dit het egter oor die einde van Februarie skerp vernou en gedurende die eerste deel van Maart stram gebly.


Die daggelddeposito's by die diskontohuise het van laagtepunte van ongeveer R580 miljoen in die begin van Maart 1978 en effens meer as R600 miljoen vroeg in Januarie 1979 tot hoogtepunte van R971 miljoen in Augustus en R990 miljoen in Februarie 1979 gewissel. Die vrye saldo's van die banke by die Nasionale Finansiekorporasie was gedurende groot dele van die jaar uitgeput en het selde R100 miljoen oorskry. Die akkommodasie van die diskontohuise deur die Reserwebank het oor die einde van Junie en in die begin van Julie 1978 sy hoogste punt bereik en op 5 Julie R371 miljoen beloop. Dit was ook hoog oor die einde van Augustus, toe dit R323 miljoen bereik het, in die begin van Januarie 1979, toe dit op 4 Januarie R350 miljoen bedra het, en vroeg in Maart 1979 toe dit tot bykans R316 miljoen gestyg het.

Die bewegings van die rentekoerse het bogenoemde skommelings in die geldmarklikwiditeit weerspieël, maar die koerse het gedurende die jaar oor die algemeen geneig om afwaarts te beweeg. So het die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande, wat in die begin van Januarie 1978 9,0 persent beloop het, byvoorbeeld tot 9,75 persent in Februarie gestyg maar vervolgens dwarsdeur die grootste deel van die res van die jaar gedaal (alhoewel dit oor die einde van Junie en September tydelike stygings getoon het) en in Desember 7,6 persent bereik. Daarna het dit in Januarie 1979 tot 7,9 persent verstewig voordat dit sy daling voortgesit het tot 6,85 persent op 9 Maart. Die koers op bankaksepte van drie maande en die basiese daggeldkoers van die diskontohuise het 'n soortgelyke verloop getoon. Die skatkiswisseltenderkoers het marginaal van 7,95 persent in Januarie-Februarie 1978 tot 7,99 persent op 11 Augustus verstewig. Vervolgens het dit aan die hand van die verlaging van die Bankkoers skerp gedaal en op 25 Augustus op 7,65 persent gestaan. Daarna het dit aangehou daal en op 9 Maart 1979 6,57 persent bereik.

Gedurende die jaar onder beskouing het die Reserwebank aansienlike opemarkverkope aangegaan ten einde 'n ordelike daling van die rentekoerse te handhaaf. By tye het dit ook opemarkaankope aangegaan om die mark deur tydperke van 'n skaarste aan fondse te help. Gedurende die tweede helfte van September 1978 het die Reserwebank se opemarkaankope van korttermynstaatseffekte byvoorbeeld R44 miljoen beloop.

In ooreenstemming met die bewegings van korttermynrentekoerse en met die oog daarop om 'n verdere stimulus aan ekonomiese bedrywigheid te verleen, is die Bankkoers verlaag van 8½ tot 8 persent

Geldmarkrentekoerse



op 6 Februarie en van 8 tot 7½ persent op 17 Maart. Ná hierdie verlagings het die vernaamste handelsbanke hulle prima-oortrekkingskoerse verlaag van 11½ tot 11 persent in Februarie en van 11 tot 10–10½ persent in Maart. By albei geleenthede is depositokoerse, met die uitsondering van die koers op gewone spaardeposito's, met ½ persent verlaag.

Staatsfinansies

Redelik hoë koers van toename in skatkisuitreikings

Die skatkisuitreikings het in 1978 met 17 persent toegeneem, 'n groeikoers wat aansienlik hoër was as die 6 persent wat in 1977 aangeteken is. Hierdie betreklik hoë koers van toename is veroorsaak deur 'n konsentrasié van uitreikings in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1977/78, in die besonder in Maart 1978, en deur 'n groot toevallige statutêre betaling van R157 miljoen uit die Skatkisrekening aan die Staatskuldkommissarisse. Selfs indien die statutêre betaling uitgesluit word, was die groeikoers van 15 persent nog die hoogste sedert 1975. Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1978/79, dit wil sê gedurende die tydperk April tot Desember 1978, het die toename van 10 persent in die skatkisuitreikings (met uitsluiting van die statutêre betaling) baie nou ooreengekom met die Begrotingsraming vir die fiskale jaar in sy geheel.

Verandering in die samestelling van skatkisontvangste

Die ontvangste op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings) het in 1978 met ongeveer 16 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van 11 persent in 1977. Die samestelling van die belasting- en ander lopende ontvangste van die sentrale regering het in 1978 aanmerklik verander, ten eerste vanweé 'n veranderde belastingstruktuur waarby daar groter klem op indirekte belasting as 'n bron van inkomste gelê word, en ten tweede as gevolg van 'n toename in die prys van goud waardeur die winste van goudmyne, en gevvolglik ook hul inkomstebelasting- en mynheurbetelings aan die regering, skerp toegeneem het. Die ontvangste aan indirekte belastings, bestaande uit die opbrengs van doeane-, aksyns- en verkoopreg, die bo-belasting op invoere en die nuut-ingestelde algemene verkoopbelasting, het in 1978 met 31 persent

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds¹

	1976 Rm	1977 Rm	1978 Rm	Percentasie verandering 1977-1978
Doeanereg ²	345	575	730	27
Aksynsreg	780	856	951	11
Verkoopreg	267	308	215	-30
Algemene verkoophelasting	—	—	377	
Inkomstebelasting- en huurbetelings deur goudmyne	457	370	727	96
Ander inkomstebelasting	3 278	3 628	3 733	3
Ander ontvangste ³	1 114	1 247	1 470	18
Totale inkomste-invorderings	6 241	6 985	8 202	17


1. Met inbegrip van bedrae wat aan aangrensende gebiede betaal is kragtens Doeanie-Unie ooreenkoms.

2. Insluitende die bo-belasting op invoere.

3. Aangesuiwer om vergelykbaarheid oor tyd te behou.

Samestelling van die inkomste-invorderings deur die sentrale regering

Persentasie van totale invorderings



skuld met R219 miljoen en sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R54 miljoen te verminder. 'n Buitengewoon groot netto belegging in staatskuldbewyse van R993 miljoen, of R694 miljoen meer as in die voorafgaande jaar, is in 1978 deur die Staatskuldkommissaris gemaak. 'n Deel van hierdie verhoogde netto belegging deur die Kommissaris word verklaar deur 'n aansienlik groter bedrag aan fondse wat van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie vir belegging ontvang is. Die private nie-banksektor se netto belegging in staatskuldbewyse, met uitsluiting van verpligte leningsheffings ten bedrae van R292 miljoen, het R1 133 miljoen bedra, wat R441 miljoen meer was as in 1977.

Skatkisfinansiering

R miljoene

	1976	1977	1978
Tekort (uitgesonderd lenings en skulddeling)	1 936	1 728	2 145
Gefinansier deur:			
Binnelandse nie-bankbronne:	999	1 368	2 418
Staatskuldkommissaris	227	299	993
Betaalmeestergeneraal	-120	—	—
Private sektor	891	1 069	1 425
Monetêre banksektor	487	384	-54
Buitelandse sektor	450	-24	-219
Totaal	1 936	1 728	2 145

toegeneem. Daarbenewens het die inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye gedurende hierdie tydperk feitlik verdubbel. Die ontvangste aan inkomstebelasting wat deur belastingbetalers buite die goudmynbedryf betaal is, het daarenteen met slegs 3 persent toegeneem. Die indirekte belastings, inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmyne, en ander inkomstebelastingbetalings was vir onderskeidelik 28 persent, 9 persent en 46 persent van die totale inkomste-invorderings in 1978 verantwoordelik, vergeleke met onderskeidelik 25 persent, 5 persent en 52 persent in 1977.

Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1978/79 was die skatkisontvangste 14 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar. Hierdie koers van toename was ongeveer 4 persentasiepunte hoër as die koers van toename wat in die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel verwag is.

Suksesvolle leningsbedrywighede

Die skatkisuitreikings het die ontvangste in 1978 met R2 145 miljoen oorskry. By die finansiering van hierdie tekort het die regering daarin geslaag om R2 418 miljoen van die binnelandse nie-banksektor teleen. Hierdie sukcesvolle leningsbedrywigheid het die sentrale regering in staat gestel om sy buitelandse

Op grond van sy suksesvolle leningsprogram in 1978 en sy groot beskikbare kontantsaldo's, het die regering besluit om staatseffekte ten bedrae van R376 miljoen wat op 1 Februarie hul aflosdatum bereik het, terug te betaal en nie die gebruiklike prosedure te volg om nuwe effekte vir belegging beskikbaar te stel nie. Daarbenewens het die Minister van Finansies in Januarie 1979 die vervroegde terugbetaling aan maatskappye aangekondig van die leningsheffings van 1973 en 1974, wat in 1980 en 1981 aflosbaar sou geword het, as 'n metode om die likwiditeit van maatskappye te verbeter. 'n Bedrag van ongeveer R160 miljoen (insluitende rente) is op 15 Februarie terugbetaal.

Spoorwegbegroting

By die indiening van die Begroting van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie in die Parlement op 7 Maart 1979 het die Minister van Vervoer verklaar dat in stede van die tekort van R168 000 wat oorspronklik vir die boekjaar eindigende 31 Maart 1979 verwag is, daar nou 'n oorskot van R53 miljoen voorsien word. Die verbeterde finansiële resultaat was hoofsaaklik te danke aan 'n toename in die volume van uitvoere gedurende 1978/79, maar ook aan 'n doelbewuste poging om arbeidskoste te verminder, aan groter doeltreffendheid by die benutting van materiaal en aan 'n vermindering in die finansiële verliese op sekere dienste.

Die lopende inkomste vir die boekjaar 1979/80 sal na verwagting met 6,3 persent tot R3 374 miljoen toeneem en die lopende uitgawes met 14,5 persent tot R3 575 miljoen, met 'n gevolglike tekort van R201 miljoen. Die salarisaanpassings vir alle werkers wat deur die Minister aangekondig is, is vir 'n aansienlike deel van die toename in die uitgawes verantwoordelik. Nieteenstaande die verwagte tekort is geen onmiddellike opwaartse aanpassings van tariewe voorgestel nie. Sekere tariefkonsessies is aangekondig om 'n toename in die benutting van beskikbare faciliteite aan te moedig.

Bruto investering gedurende die finansiële jaar 1979/80 word op R1 080 miljoen geraam, 'n toename van 24 persent in vergelyking met die hersiene ramings vir 1978/79.

Poskantoorbegroting


Met die oog daarop om ongeveer dieselfde verhouding van die Poskantoor se kapitaaluitgawes uit interne bronne te finansier as in onlangse jare, is verhogings in verskeie postarieue en die eenheidskoers vir telefoonoproepdeur die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese voorgestel toe hy sy Departement se Begroting op 20 Maart 1979 in die Parlement ingediend het. Die voorgestelde verhogings sal waarskynlik nie voor 1 Oktober vanjaar in werking tree nie. Daar word verwag dat die Departement se bedryfsuitgawes gedurende die 1979/80 finansiële jaar met 14,6 persent tot R808 miljoen en sy inkomste met 14,8 persent tot R884 miljoen sal toeneem. Kapitaaluitgawes word geraam op R364 miljoen, of 9,7 persent meer as die verwagte syfer vir 1978/79. Daar word in die vooruitsig gestel dat ongeveer 47 persent van die kapitaaluitgawes in 1979/80 uit interne bronne gefinansier sal word.

Kapitaalmark

Vraag na uitleenbare fondse in mark vir vaste-rentedraende effekte deur aanbod oorskry

Die verruiming van die toestand op die mark vir vaste-rentedraende effekte vanaf ongeveer Maart 1977 het gedurende 1978 voortgeduur en selfs nog sterker geword. 'n Hoë koers van toename in die binnelandse besparing, tesame met beleggers se volgehoud verwagtings van 'n verdere afwaartse aanpassing van die opbrengskoerse op effekte en 'n algemene gebrek aan geskikte alternatiewe beleggingsgeleenthede gedurende 'n tydperk van lae reële investeringsbedrywigheid in die ekonomie, het daartoe gelei dat die aanbod van uitleenbare fondse in die mark die vraag daarna oorskry het. Nuwe uitgiftes van staatseffekte is goed ondersteun en die meeste nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte is aansienlik oorvolteken. Die transaksies in die sekondêre mark in vaste-rentedraende effekte het aansienlik toegeneem en die opbrengs-

Opbrengskoerse in sekondêre mark



koerse het tot hul laagstevlakte sedert Junie 1974 gedaal.

Die netto nuwe uitgifte van bemarkbare effekte deur die openbare sektor, met uitsluiting van die toename in die betrokke leners se besit aan hul eie effekte, het ongeveer R2 087 miljoen beloop, vergeleke met R2 060 miljoen in 1977 en R1 112 miljoen in 1976. Die toename in die effekteskuld van die openbare sektor gedurende 1978 is weerspieël in 'n aansienlike stygging van ongeveer R1 740 miljoen in die private nie-banksektor se besit aan effekte van die openbare sektor, wat gevvolg het op 'n stygging van R1 277 miljoen in 1977. Die monetêre banke se besit aan effekte van die openbare sektor het in 1978 met ongeveer R250 miljoen gestyg, wat aansienlik minder was as die toename van R729 miljoen in 1977. Bo en behalwe die bedrag aan uitleenbare fondse wat in die mark opgeneem is, het die besit aan effekte van die openbare sektor deur die interne fondse van leners in die openbare sektor en deur die Staatskuldcommisaris met die rekordbedrag van ongeveer R1 500 miljoen toeneem, bykans dubbeld die bedrag van die toename in 1977. Die nuwe uitgifte van die vastarentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het in 1978 R222 miljoen bedra teenoor R190 miljoen in 1977, hoofsaaklik as gevolg van twee buitengewoon groot uitgifte.

Die verdere verruiming van die marktoestand in 1978 is weerspieël in 'n daling in die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte in die sekondêre mark van 10,69 persent in Desember 1977 tot 9,72 persent in Desember 1978 en 'n ooreenstemmende daling in die sekondêre-markopbrengskoers op langtermyn semi-prima-effekte van 11,62 persent tot 9,95 persent. Hierdie veranderings gedurende 1978 het die marge tussen die opbrengskoers op prima- en semi-prima-effekte van 0,93 tot 0,23 persentasiepunte vernou. Die sekondêre-markopbrengs op maatskappyobligasies het van 13,58 persent in Desember 1977 tot 11,18 persent aan die einde van 1978 afgeneem.

Die ruimer toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die eerste twee maande van 1979 voortgeduur toe die sekondêre-markopbrengskoerse op prima- en semi-prima-effekte verder gedaal het tot onderskeidelik 9,07 en 9,35 persent. Die opbrengskoers op die sekondêre mark vir maatskappyskuldbrieue het op soortgelyke wyse tot 10,75 persent gedaal.

Persentasieverandering in aandelepryse

Jaar geëindig 31 Desember	Mynbouhandele				Finansiële aandele				Nywerheidsaandele	Handelsaandele	Alle klasse aandele
	Goud	Steenkool	Ander metale en mineraal	Mynbou	Nywerheids en algemeen	Vaste eiendom	Banke en verserring				
1977	16,8	13,2	31,4	15,7	16,5	-11,5	22,6	8,7	-3,2	13,7	
1978	18,8	32,2	33,6	23,3	22,6	-2,2	13,2	14,0	30,0	18,8	

Aandelemark lewendig

Afgesien van geringe tydelike insinkings gedurende die tydperk Februarie tot April en weer gedurende Oktober en November, het sowel die aandelepryse as die effektebeursomset gedurende 1978 oor die algemeen 'n sterk stygende neiging gehandhaaf. Die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is, was 24 persent hoër in 1978 as gedurende 1977, terwyl die waarde van die aandele verhandel 'n toename van 29 persent getoon het. Die omvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aandele insluit, het van die einde van 1977 tot die einde van 1978 met 19 persent gestyg. Gedurende die eerste twee maande van 1979 het die aantal en die waarde van die aandele verhandel skerp bo hul vlakte in Desember 1978 toegeneem en het die aandelepryse gemiddeld met 'n verdere 16 persent gestyg. Ingeweel volgens breë klasse is die grootste prysstyggings gedurende 1978 deur mynbou-aandele aangeteken, gevvolg, eerstens, deur handels- en nywerheidsaandele en, laastens, deur finansiële aandele. Veranderings in die pryse van die individuele klasse aandele word in die bygaande tabel getoon.

Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het van 8,0 persent aan die einde van 1977 tot 6,8 persent aan die einde van 1978 gedaal, niteenstaande 'n toename in die dividendopbrengs op mynbou-aandele. Die omgekeerde rendementsgaping tussen aandele en langtermynstaatseffekte het van 2,7 persent in Desember 1977 tot 2,9 persent in Desember 1978 vergroot. Die dividendopbrengskoers het in Februarie tot 5,9 persent afgeneem en die omgekeerde rendementsgaping nog verder tot 3,1 persent vergroot.


Die effektetrusts het gedurende 1978 'n netto uitvloeiing van fondse van R13 miljoen ondervind. Die verbetering in die aandelepryse het die markwaarde van die trusts se netto bates egter met R65 miljoen tot 'n vlak van R390 miljoen aan die einde van 1978 en nog verder tot R418 miljoen aan die einde van Februarie 1979 laat styg.

Aansienlik groter vloei van langertermynfondse na deposito-nemende en verwante instellings

Die vloei van langertermynfondse na bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staat-spaarfaciliteite, wat reeds in die vierde kwartaal van

1977 opmerklik gestyg het, het gedurende 1978 op 'n selfs nog hoër vlak voortgegaan. Die totale invloeiing van langertermynfondse na die betrokke instellings het gedurende 1978 R2 571 miljoen bedra, 61 persent meer as in 1977. Die bankinstellings het die grootste invloeiing, naamlik R1 292 miljoen, aange teken, gevvolg deur die bouverenigings met 'n bedrag van R914 miljoen. Die netto belegging in Tesourie-obligasies het R192 miljoen beloop, en dié in die

Vloei van langertermynfondse na depositonemende en verwante instellings



Poskantoor se spaartfasilitete R191 miljoen. Die deelnemingsverbandskemas het 'n geringe netto uitvloeiing van fondse van R21 miljoen ondervind, hoofsaaklik vanweë 'n swak vraag na hierdie vorm van verbandfinansiering. Die deelnemingsverbandskemas is verplig om fondse wat nie binne 'n tydperk van sestig dae in deelnemingsverbande belê word nie, terug te betaal. Vanweë hierdie vereiste was die skemabesture onwillig om verdere fondse vir belegging aan te neem en het hulle 'n gedeelte van die fondse wat vir herbelegging beskikbaar gekom het, terugbetaal.

Die groter invloeiing van langertermynfondse het 'n afwaartse druk op deposito- en verwante rentekoerse uitgeoefen en gedurende die vierde kwartaal van 1978 is die onderskeie koerse met $\frac{1}{2} - 1$ persent verlaag. Die meeste depositorentekoerse is in Februarie en weer in Maart met $\frac{1}{2}$ persent verlaag, ná die verlaging van die Bankkoers waarna hierbo verwys is.

Verbeterde bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmarkte

Die bedrag aan nuwe verbandlenings deur die bouverenigings toegestaan, wat in 1977 met 10 persent gedaal het, het in 1978 met ongeveer 40 persent toegeneem en dui op 'n sterk verbeterde vlak van die bedrywigheid in die residensiële verbandmark. Die toename in die bouverenigings se uitleenbedrywigheid teen verbande het egter nie die fondse wat vir belegging beskikbaar was, geëwenaar nie en gevvolglik het die verenigings hulle besit aan kontant, deposito's en effekte in 1978 met 'n bedrag van R410 miljoen vergroot. Ná die daling in die depositorentekoerse, het die bouverenigings hul verbandkoerse op nuwe lenings vanaf 2 Oktober 1978, en op bestaande lenings vanaf 1 Januarie 1979, van 'n patroon van 10,5 - 12,0 persent na 'n patroon van 10,0 - 12,0 persent verlaag. Die verdere afname in sommige van hulle leenkoerse in Februarie het egter nie hul uitleenkoerse beïnvloed nie.

Die waarde van die vaste eiendomstransaksies, wat gedurende 1977 skerp met 15 persent gedaal het, het gedurende 1978 met 7 persent toegeneem. 'n Matige opwaartse neiging in hierdie transaksies het in die vierde kwartaal van 1977 na vore gekom en het regdeur 1978 voortgeduur.

Waarde van vaste eiendomstransaksies



Verklaring insake Suid-Afrika se wisselkoers-beleid en -praktyke

Uitgereik deur Sy Edele Senator O P F Horwood, Minister van Finansies

24 Januarie 1979

Ná oorlegpleging met die Reserwebank en ander belanghebbende partye het die Regering besluit om die Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika te aanvaar. Soos deur die Kommissie aanbeveel, sal daar onmiddellik 'n begin gemaak word met 'n geleidelike en stelselmatige proses van verandering van Suid-Afrika se wisselkoersbeleid en -praktyke. Die uiteindelike mikpunt van hierdie proses sal wees 'n enkeltvoudige wisselkoersstelsel waaronder 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eievlak vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- sowel as termynvalutamarkte in Suid-Afrika. In hierdie stelsel sal die bewegings van die rand beheer word deur Reserwebank- "intervensie" aankope en verkope van valutta (hoofsaaklik VSA dollars) en sal daar slegs beperkte valutabeheer wees van toepassing alleen op inwoners.

Hierdie uiteindelike wisselkoersbedeling sal dus een van "beheerde" en nie "vrye" swelsing wees nie. Uit die aard van die saak sal dit ook beteken dat die rand dan nie meer aan die VSA-dollar gekoppel sal wees nie. Die rand sal dan 'n onafhanklike gelddeenheid wees met 'n wisselkoers wat grootliks bepaal sal word deur die stand van Suid-Afrika se eie betalingsbalans en binnelandse ekonomiese en nie deur die wel en wee van 'n ander land se geldeenheid of ekonomiese of politieke wisseling nie.

begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding) sal op sy beurt waarskynlik gedeeltelik afhang van die differentiale tussen die heersende rente- en opbrengskoerse op nie-Likwiede Bates teenoor dié op Likwiede Bates.⁶ By enige gegewe vlak van hierdie koersverskille sal die begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding, nes die vereiste **minimum** likwiditeitsverhouding, klaarblyklik egter ook beïnvloed word deur die loop-tydsmestelling of "termyn"-struktuur van die banke se verpligtings teenoor die publiek; dit is byvoorbeeld minder waarskynlik dat banke wat 'n oorwegende deel van hul verpligtings in die langtermynkategorie het, behoeft sal voel aan aansienlike bedrae aan oorskot-Likwiede Bates. Hierbenewens kan die banke se begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding ook beïnvloed word deur oorwegings soos die vergelykenderwys "hoe" of "lae" peil van die geldende Likwiede Batevereistes;⁷ verwagtings betreffende veranderings in hierdie vereistes in die betreklik nabije toekoms; verwagtings betreffende veranderings in die opbrengs- en rentekoerse, wat die besit van langertermynneffekte (byvoorbeeld staatseffekte) kan aan- of ontmoedig ten koste of ten gunste van die korttermyn finansiële instrumente wat as Likwiede Bates geklassifiseer is; en verwagtings met betrekking tot toekomstige veranderings in die vraag van die private sektor na banklenings.

Indien die peil van die Likwiede Batevereistes, die publiek se voorkeure vir korttermyn-, middeltermyn- en langtermyndeposito's, en die banke se gesamentlike begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding gegee is, is 'n toename in die likwiditeitsbasis klaarblyklik 'n noodsaklike voorwaarde vir 'n toename in die banke se totale verpligtings teenoor die publiek sowel as vir toenames in die geld- en kwasi-geldvoorraad en in die omvang van die banke se nie-likwiede krediet aan die private sektor en die owerheidsektor. In die lig van die feit dat die Likwiede Batevereistes ten opsigte van die banke se kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek sedert die toepassing van die Bankwet in 1965 in werklikheid in baie aansienlike

4. Dit beteken onder andere dat die banke oor die algemeen min probleme ondervind om hul kontantreserves (dit wil sê hul saldo's by die Reserwebank) weer op peil te bring deur ander Likwiede Bates as kontant (byvoorbeeld daggeld by die Nasionale Finansiekorporasie of die diskontohuise) prys te gee, en gewoonlik ook toegelaat word en in staat is om dit op **vergelykenderwys** gunstige voorwaardes te doen.
5. Oorskot-Likwiede Bates bestaan uit die verskil tussen die totale bedrag aan Likwiede Bates in die besit van die banke wat werklik tot hul beskikking is om aan die Likwiede Batevereistes te voldoen en die minimum bedrag aan Likwiede Bates wat hulle ingevolge hierdie vereistes moet aanhou.
6. Die banke se vraag na oorskot-Likwiede Bates in verhouding tot hul totale verpligtings teenoor die publiek kan diagrammadies voorgestel word deur 'n kromme wat die verband toon tussen die banke se begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding, wat op die een as afgemeet word, en 'n rentekoers wat die verskil tussen die opbrengs- en rentekoerse op nie-Likwiede en Likwiede Bates verteenwoordig, wat op die ander as afgemeet word. Veranderings in die

- verskillende faktore waarvan in die res van hierdie paragraaf sprake is, kan vir 'n **verskuwing** van hierdie funksionele verband verantwoordelik wees.
7. Dit kan beredeneer word dat die banke, in 'n andersins onveranderde situasie, geneigd sal wees om op 'n verhoging van die Likwiede Batevereistes te reageer deur hul gesamentlike begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding te verlaag. Sien Meijer, J.H.: "Die Geleenheidsgrenslyn van Bankinstellings", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, Maart 1977, bl. 1-22. So 'n verlaging sou 'n weerspieëling wees van 'n awfaartse **verskuwing** van die oorskotlikwiditeitsvraagkurwes van individuele banke waarna in voetnoot 6 hierbo verwys is. Die mate van die verlaging van die banke se begeerde oorskotlikwiditeitsverhouding sal egter vergroot word indien die verhoging van die Likwiede Batevereistes self 'n vergroting van die verskille tussen die rente- en opbrengskoerse op Likwiede en nie-Likwiede Bates meebring. 'n Sodanige verdere verlaging sou deur 'n **beweging** langs die oorskotlikwiditeitsvraagskedes van individuele banke weergegee word.

Grafiek 1. Besit aan Likwiede Bates en totale verpligtings teenoor die publiek van bankinstellings,¹⁾ en die geld- en kwasi-geldvoorraad



1) Handelsbanke, aksepbanke en huurkoop-, spaar- en algemene banke

mate verhoog is, kon die baie groot styging in die geld- en kwasi-geldhoeveelheid in die Suid-Afrikaanse ekonomiese gedurende die afgelope 13 jaar of meer klaarblyklik slegs plaasvind op grond van 'n nog groter relatiewe toename in die likwiditeitsbasis van die bankstelsel.⁸ Grafiek 1 toon die toename in die likwiditeitsbasis, die geld- en kwasi-geldvoorraad en die banke se totale verpligtings teenoor die publiek vanaf Maart 1965.

'n Tweede rede om veranderings in die banke se gesamentlike Likwiede Batesbesit te bestudeer is dat

8. Die toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad, in die banke se totale verpligtings teenoor die publiek, en in die likwiditeitsbasis van die banke vanaf die einde van Maart 1965 tot die einde van Desember 1977 het onderskeidelik 378 persent, 367 persent en 506 persent beloop. Die verhogings gedurende hierdie periode van die Likwiede Batesvereistes ten opsigte van die banke se kort- en middeltermynverpligtings het meegebring dat die verhouding van hul vereiste minimum besit aan Likwiede Bates tot hul totale verpligtings teenoor die publiek van ongeveer 19,6 persent aan die einde van Maart 1965 tot 27,7 persent aan die einde van Desember 1977 opgestoot is. Die styging in hierdie verhouding het voorgekom in weerwil van sekere

sulke veranderings, vir sover hulle lei tot stygings of dalings in die banke se werklike oorskotlikwiditeitsverhouding, waarskynlik met veranderings in rentekoerse en rentekoersdifferensiale gepaard sal gaan en 'n noodsaklike deel van die verklaring van sodanige koersbewegings sal wees. So sal 'n toestroming van kontantreserwes na die banke – moontlik as 'n weerspieëeling van 'n styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank wat nie die gevolg van waardasie-aansuiwerings is nie, of van 'n daling in die owerheid se deposito's by die Bank – byvoorbeeld normaalweg die banke se vraag na sowel likwiede as nie-likwiede rentedraende bates vergroot en 'n daling in die rentekoerse in die algemeen meebring; as 'n praktiese aangeleentheid sal die banke se meer onmiddellike portefeuiljereaksies en tydelike portefeuilje-ewewigsposisies oor die algemeen egter 'n sekere opgaring van daggelddeposito's by die diskontohuise of die Nasionale Finansiekorporasie behels. Namate die banke se likwiditeitsbasis en oorskot-Likwiede Bates egter toeneem, verswak die aandrang wat hulle ondervind om verdere toevoegings tot hul Likwiede Batebesit te maak, waardeur die swaartepunt van hul inkrementele vraag na verdienende bates geleidelik na die nie-Likwiede Bates verskuif word vanweë die beduidend hoër opbrengste wat gewoonlik daarop verdien kan word. Die gevoulige vernouing van die verskille tussen die rente- en opbrengskoerse op nie-Likwiede en Likwiede Bates het die uitwerking om die banke se werklike en begeerde oorskotlikwiditeitsverhoudings met mekaar te versoen, soos hierbo bespreek. Omgekeerd sal 'n inkrimping van die likwiditeitsbasis en van die banke se oorskotlikwiditeit as gevolg van 'n wegval van kontantreserwes van die banke waarskynlik deur sowel stygende rentekoerse as deur 'n vergroting van die rentekoersdifferensiale vergesel word.⁹

Vanweë die belangrikheid van veranderings in die likwiditeitsbasis by die verklaring van monetêre, krediet- en rentekoersverskynsels, is dit klaarblyklik

ontwikkelings met 'n sterk teenoorgestelde uitwerking, soos 'n opmerklike daling in die relatiewe belangrikheid van die banke se korttermynverpligtings vanaf 45 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek aan die einde van Maart 1965 tot 32 persent aan die einde van 1977. Dit behoort nogmaals beklemtuur te word dat die geld- en kwasi-geldvoorraad sekere verpligtings insluit van bankinstellings (die Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie, die diskontohuise en die korttermynbedryf van die Landbank) wat nie in die ontleding van die likwiditeitsbasis betrek word nie, maar nie die geld- en kwasi-geldagtige verpligtings van die nie-monetêre huurkoop- en algemene banke en van die spaarbanke insluit nie.

9. Vir 'n ietwat meer breedvoerige bespreking van hierdie aangeleenthede, en van die omgekeerde verband (in die besonder sedert 1972) tussen die verskille in die rente- en opbrengskoerse op Likwiede en nie-Likwiede Bates andersyds en die banke se werklike oorskotlikwiditeitsverhouding andersyds, sien Meijer, J.H.: *Comments on Certain Aspects of Recent Interest Rate Behaviour*, voordrag gelewer voor uitvoerende beampies van Citibank N.A., Johannesburg, 19 Julie 1977, en S.A. Reserwebank Jaarlikse Ekonomiese Verslag 1977, bl. 31.

gewens dat die monetêre owerhede sal beskik oor inligting met betrekking tot die mate waarin verskillende sektore (dit wil sê die buitelandse sektor, die owerheidsektor, die nie-bank private sektor, of die bankstelsel self) banklikwiditeit skep of vernietig, dit sal skep of vernietig, of dit geskep of vernietig het. Inligting oor die seisoens- en sikliese verloop van die bydraes van hierdie verskillende sektore tot die likwiditeitsbasis in die verlede is klaarblyklik ook belangrik vir verbeterde vooruitskatting van toekomstige monetêre en krediettoestande. In die Reserwebank se huidige oorsigte van monetêre ontwikkelings word gereeld aandag gegee aan veranderings in die banke se oorskotlikwiditeitsposisie. Sulke veranderings word verklaar aan die hand van veranderings in die banke se werklike en vereiste Likwiede Batebesit; eersgenoemde veranderings word op hulle beurt dikwels, op ietwat losserige wyse, nagespeur tot by hul meer klaarblyklik belangrike oorsake, soos veranderings in die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank of bewegings van fondse na en van die owerheidsektor. Die ontleding van die likwiditeitsbasis beoog om hierdie benadering formeel te maak op so 'n manier dat die somtotaal van die sektorale bydraes tot veranderings in die likwiditeitsbasis van die banke gedurende enige besondere periode gelyk is aan die verandering wat werklik in die banke se totale besit aan Likwiede Bates waargeneem is.

Verwantskappe tussen die monetêre ontleding, die geldmarkontleding en die ontleding van die likwiditeitsbasis

Alhoewel die monetêre ontleding, die geldmarkontleding en die ontleding van die likwiditeitsbasis te doen het met sake wat wesenlik van mekaar verskil, is daar sekere taamlik voor die hand liggende verwantskappe tussen hulle. "Oorvleueling" tussen hierdie drie soorte ontleding bestaan vir sover sekere oorsake van toenames of afnames in die geld- en kwasi-geldvoorraad ook die aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark (dit wil sê die monetêre banke se netto vrye saldo's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie), sowel as die likwiditeitsbasis van die bankstelsel, sal beïnvloed, en dan oor die algemeen ook in dieselfde rigting. 'n Aankoop van buitelandse valuta deur 'n handelsbank van 'n Suid-Afrikaanse uitvoerder sal byvoorbeeld die geld- en kwasi-geldhoeveelheid (en daardeur ook die "likwiditeit" van die private sektor volgens 'n eng opvatting van hierdie likwiditeitsbegrip) vergroot.¹⁰ Die daaropvolgende verkoop van hierdie buitelandse valuta deur die betrokke handelsbank aan die Reserwebank sal die handelsbank se kontantreserwes laat toeneem, die bedrag van die monetêre banke se netto

10. Die "oorsaak" van hierdie verandering in geld- en kwasi-geld sal dan deur die monetêre ontleding aangedui word as 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor.

vrye saldo's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie verhoog (dit wil sê die waarde van die geldmarkaanwyser laat styg), en die banke se gesamentlike besit aan Likwiede Bates vergroot.

Op vergelykbare wyse sou opemarkaankope van staats- of ander effekte deur die Reserwebank van persone in die nie-bank private sektor die private sektor se besit aan geld en kwasi-geld laat toeneem¹¹ terwyl dit waarskynlik ook 'n toename in die monetêre banke se besit aan netto vrye saldo's by die Reserwebank-NFK sou meebring en die banke se likwiditeitsbasis sou verbreed. 'n Soortgelyke invloed, wat in die praktyk van aansienlike betekenis is, sal gewoonlik uitgeoefen word deur 'n daling in die owerheid se deposito's by die Reserwebank wanneer die owerheid in die loop van sy binnelandse bestellings- of skuldaflossingsbedrywigheide fondse uitbetaal. Hierteenoor het aankope van effekte deur die Reserwebank van monetêre banke geen invloed op die geld- en kwasi-geldvoorraad nie, aangesien die private nie-banksektor nie by 'n sodanige transaksie betrokke is nie. Alhoewel sulke effekte-aankope normaalweg die onmiddellike uitwerking het om die monetêre banke se netto vrye saldo's by die Reserwebank-NFK te laat styg, hang hul invloed op die likwiditeitsbasis van die banke af van die soorte effekte wat deur die banke verkoop en deur die Reserwebank aangekoop word. 'n Verkoop aan die Reserwebank van langtermynstaatseffekte, wat nie as Likwiede Bates tel nie, sou klaarblyklik die banke se likwiditeit verhoog. 'n Verkoop van korttermynstaatseffekte beteken daarenteen slegs dat een soort Likwiede Bates (die effekte) in die hande van die banke met 'n ander soort (kontantreserwes) vervang word, sodat die totaal van die banke se besit aan Likwiede Bates onveranderd bly.

Wat die meeste ander oorsake van veranderings in die geld- en kwasi-geldvoorraad betref, is hul meer onmiddellike uitwerking op sowel die geldmarkaanwyser as op die banke se likwiditeitsbasis en besit aan oorskot-Likwiede Bates egter gewoonlik taamlik beperk. 'n Handelsbank, aksepbank of monetêre huurkoop- of algemene bank se verlering van krediet aan die private sektor sal byvoorbeeld natuurlik die hoeveelheid geld en kwasi-geld laat toeneem maar sal die monetêre banke se reserwesaldo's by die Reserwebank-NFK en die geldmarkaanwyser normaalweg grotendeels onveranderd laat,¹² die banke se

totale besit aan Likwiede Bates kan dan egter toeneem indien die krediet aan die private sektor in 'n likwiede vorm verleen word (byvoorbeeld deur verdiskontering deur die banke van handelswissels of bank-aksepte wat as Likwiede Bates tel). Op soortgelyke wyse het verskuiwings deur die algemene publiek vanaf geld- en kwasi-gelddeposito's na langtermyndeposito's, of andersom, klaarblyklik geen invloed op die banke se totale reserwesaldo's of totale Likwiede Bates nie; die banke se oorskot-Likwiede Bates en netto vrye reserwesaldo's by die Reserwebank-NFK sal waarskynlik egter wel ietwat hierdeur beïnvloed word as gevolg van daaropvolgende veranderings in die banke se vereiste minimum besit aan Likwiede Bates en reserwesaldo's.

As samevatting van die voorgaande behoort dit duidelik te wees dat in die reël slegs die Reserwebank, en die owerheidsektor deur veranderings in sy deposito's by die Reserwebank te bewerkstellig, in staat is om die geld- en kwasi-geldvoorraad, die geldmarkaanwyser en die banke se likwiditeitsbasis gelyktydig en in dieselfde rigting te beïnvloed; sodanige gelyktydige invloede vereis regstreekse of onregstreekse transaksies tussen die sentrale bank of die owerheid en die private nie-banksektor. Die monetêre banke (dit wil sê die handelsbanke, die aksepbanke en die monetêre huurkoop- en algemene banke) kan egter klaarblyklik die geld- en kwasi-geldvoorraad laat toeneem, en sowel monetêre as nie-monetêre banke is in 'n nie-onbeduidende mate in staat om op hul eie initiatief hul besit aan Likwiede Bates te vergroot. Met voldoende tyd tot hul beskikking kan hierdie banke selfs hul netto vrye reserwesaldo's by die Reserwebank-NFK vermeerder (of verminder) sonder om die hulp van die sentrale bank in te roep. Hulle kan dit byvoorbeeld doen deur toe te laat dat 'n deel van hul besit aan korttermynstaatseffekte verval en afgelos word en deur die opbrengs van sodanige aflossings op hul gewone daggelddepositorekeningte by die Korporasie te plaas. Hierbenewens kan 'n sekere toename in hul totale reserwesaldo's of netto vrye reserwesaldo's ook teweeggebring word met hulp van die nie-bank private sektor.¹³

Veranderings in oorskot-Likwiede Bates, die geldmarkaanwyser en rentekoerse

Vir sover veranderings in dieselfde grondliggende faktore (met name in die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank, en in die Bank se netto kredietverlening aan die owerheid- en private sektore) die monetêre banke se netto vrye saldo's by die Reserwebank-NFK sowel as die banke se oorskot-Likwiede Batesbesit in vergelykbare mate beïnvloed, kan die veranderings in of die geldmarkaanwyser of

11.Die "oorsaak" van hierdie toename in geld- en kwasi-geld sou dan 'n styling in die netto eise van die monetêre banksektor teen die owerheidsektor of in die banksektor se eise teen die private sektor wees.

12.Die geldmarkaanwyser kan later in werklikheid effens daal omdat 'n toename in die banke se korttermynverpligtings teenoor die publiek ook 'n toename in die banke se vereiste reserwesaldo's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie sou meebring. Die banke se totale reserwesaldo's by die Reserwebank-NFK kan ietwat daal indien die uitbreiding van die bankkrediet byvoorbeeld gepaardgaan met 'n styling in die bedrag aan banknote en munte wat buite die bankstelsel in omloop is.

13.Benewens die feit dat die banke deposante daartoe kan oorreed om verskuiwings van deposito's na die middelen/of langtermynkategorie te bewerkstellig, kan hulle binne perke ook daarin slaag om note en munte van die algemene nie-bank publiek aan te trek.

die banke se oorskotlikwiditeit gebruik word om veranderings in die rentekoerse en in rentekoersdifferensiale te help verklaar. Die geldmarkontleding bied dan die voordeel (vir die monetêre owerhede) dat dit met weeklikse (of potensieel selfs nog korter) tussenpose en met 'n baie kort tydsloering beskikbaar is. Verskeie ander faktore hou ongelukkig egter in dat die monetêre banke se netto vrye reservewesaldo's enersyds en die banke se gesamentlike oorskot-Likwiede Batesbesit andersyds nie noodwendig steeds 'n wesenlik soortgelyke verloop sal toon nie, veral nie oor ietwat langer periodes nie. Dit is in werklikheid prakties heeltemal moontlik dat stygings of dalings in die geldmarkaanwyser geen teëhanger het in soortgelyke veranderings in die banke se oorskotlikwiditeit nie;¹⁴ omgekeerd hoef toenames of afnames in die banke se besit aan Likwiede Bates en oorskot-Likwiede Bates nie met vergelykbare stygings of dalings in die geldmarkaanwyser gepaard te gaan nie.¹⁵ Die gebeure van die meer onlangse verlede (dit wil sê gedurende die grootste deel van die periode

14. 'n Styging in die geldmarkaanwyser wat nie deur 'n toename in die banke se besit aan Likwiede Bates en oorskot-Likwiede Bates geëwwenaar word nie, kan byvoorbeeld voorkom wanneer die banke hul besit aan korttermynstaatseffekte verminder terwyl hulle terselfertyd hul vrye saldo's (daggaalddeposito's) by die Nasionale Finansiekorporasie verhoog. Dit kom daarop neer dat die banke dan in verhoogde mate gebruik maak van die Korporasie as 'n tussenganger by die besit van staatseffekte. Sodanige gedrag, wat 'n vorm van verhoogde "likwiditeitsvoorkleur" onder die banke weerspieël, kan gegrond wees op banke se verwagtings met betrekking tot stygings in die rente- en opbrengskoerse op staatseffekte, verhoogde onsekerheid oor die toekomstige verloop van die opbrengskoerse, of verwagtings betreffende 'n toekomstige verlies van kontantreserves wat hulle andersins sou kon dwing om staats-effekte op 'n moontlik onontvanklike mark te verkoop. Die omgekeerde van 'n sodanige verloop van sake (dit wil sê 'n daling in die geldmarkaanwyser wat nie deur 'n afname in die banke se besit aan oorskot-Likwiede Bates geëwwenaar word nie) kan daarop dui dat die banke besig is om hul vrye saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie te gebruik om korttermynstaatseffekte van die owerheid self op te neem (nuwe uitgifte) of om sulke effekte van die Reserwebank of die Korporasie oor te neem. Dit kom neer op 'n vorm van "disintermediasie" wat, op grond van die rentekoersverwagtings wat toentertyd onder die banke bestaan het, gedurende die tweede helfte van 1976 en die grootste deel van 1977 en 1978 in die praktyk van aansienlike betekenis geword het. 'n Vergelykbare ontwikkeling, met soortgelyke uitwerking, doen hom voor wanneer vrye saldo's (daggaalddeposito's) by die Nasionale Finansiekorporasie deur die banke van die Korporasie na die diskontohuise verskuif word. Dit veronderstel uiteraard dat die diskontohuise in staat en bereid is om verdere daggaalddeposito's te aanvaar.

15. 'n Toename in die banke se besit aan Likwiede Bates en oorskot-Likwiede Bates sonder 'n ooreenkomsysteem styging in die geldmarkaanwyser sal hom byvoorbeeld voordoen wanneer die banke 'n toestroming van nuwe kontantreserves gebruik om daggaalddelenings aan die diskontohuise te maak in plaas van om vrye saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie op te gaar. Dit sal ook voorkom wanneer die banke ander Likwiede Bates as kontant van die nie-bank private sektor opneem, wat ook al die aard van die betrokke Likwiede Bates. 'n Soortgelyke resultaat kan geskep word wanneer die banke inteken op nuwe uitgifte

vanaf vroeë-1976 tot en met 1977 en 1978) het in werklikheid getoon dat die aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark en die banke se besit aan oorskot-Likwiede Bates langdurig in teenoorgestelde rigtings kan beweeg. Bygevolg is dit ook moontlik dat stygings in die geldmarkaanwyser gepaard gaan met stabiele of selfs met stygende geldmarkopbrengs- en -rentekoerse. Omgekeerd kan dalings in die aanwyser deur 'n stabiele of dalende peil van die rente- en opbrengskoerse vergesel word.¹⁶ Waar afwykings tussen die verloop van die geldmarkaanwyser en die banke se oorskotlikwiditeit voorkom, is dit waarskynlik dat laasgenoemde eerder as eersgenoemde van hulp sal wees by die verklaring van veranderings in die rentekoerse en in rentekoersdifferensiale, volgens die beginsels wat in 'n vorige afdeling van hierdie artikel aangedui is.

Die sektorale bronne van banklikwiditeit

Toenames of afnames in die likwiditeitsbasis van die banke kan voortspruit uit transaksies tussen buitelandse en binnelandse partye, uit die finansiële bedrywigheide van die owerheidsektor, uit die toevlug van die nie-bank private sektor tot kredietverlening deur die banke of uit die **netto** toevlug van hierdie sektor tot kredietverlening deur die sentrale bank, en uit transaksies tussen bankinstellings (met insluiting van die Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie en die diskontohuise) onder mekaar. Die

van korttermynstaatseffekte; as die owerheid die opbrengs van sulke leenbedrywigheide egter nie onmiddellik bestee nie, kan die gevolg 'n onveranderde peil van die banke se Likwiede Batesbesit en 'n werklike daling in die waarde van die geldmarkaanwyser wees (wat deur die daarmee gepaardgaande toename in die owerheidsdeposito's by die Reserwebank teweeggebring word). Voorts, waar Likwiede Bates deur die banke van die nie-bank private sektor opgeneem word, sal enige daarmee gepaardgaande toename in die banke se korttermynverpligtings teenoor die publiek hul vereiste saldo's by die Reserwebank-NFK ietwat verhoog en die geldmarkaanwyser dienooreenkomsdig laat daal. 'n Afname in die banke se besit aan Likwiede Bates en oorskot-Likwiede Bates wat nie deur 'n daling in die geldmarkaanwyser geëwwenaar word nie, sal voorkom wanneer enigeen van die hierbovenoemde prosesse omgekeer word.

16. Pogings tot "disintermediëring" deur die banke (dit wil sê pogings tot vermeerdering van hul eie besit aan korttermynstaatseffekte ten koste van hul besit aan vrye saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie) kan dui op verminderde "likwiditeitsvoorkleur" onder die banke en op 'n toename in die totale markvraag na korttermynwissels of -effekte van die owerheid of na effekte in die algemeen. Tensy dit deur teëwerkende optrede van die monetêre owerhede geneutraliseer word, sou dit neig om met dalende opbrengs- en rentekoerse gepaard te gaan. 'n Voorbeeld van 'n sodanige verloop van sake word verskaf deur die gebeure gedurende die tweede helfte van 1976, 1977 en 1978, waarna hierbo reeds verwys is. 'n Opmerklike daling in die geldmarkaanwyser gedurende die grootste deel van hierdie periode is vergesel deur 'n opwaartse neiging in die oorskotlikwiditeit van die banke en deur 'n deurgaans afwaartse neiging in verskeie geldmarkopbrengs- en -rentekoerse. Die langertermyn-opbrengskoerse het begin daal vanaf ongeveer Maart 1977.

sektorale bronne van veranderings in die banke se Likwiede Batebesit word in daardie volgorde bespreek.

Die buitelandse sektor as bron van banklikwiditeit

Die buitelandse sektor word in die eerste plek as 'n positiewe of negatiewe bron van banklikwiditeit beskou vir sover transaksies tussen buitelandse en binnelandse partye, soos dit op of die lopende of die kapitaalrekening van die betalingsbalans weerspieël word, lei tot 'n verandering in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank. Soos vroeër reeds opgemerk is, bestaan die onmiddellike uitwerking van 'n verkoop van buitelandse valuta aan die Reserwebank deur 'n bankinstelling wat as valutahandelaar optree uit 'n toename in die banke se reserwesaldo's by die Bank. Hierbenewens word egter ook aan die buitelandse sektor as 'n skepper (of vernietiger) van banklikwiditeit toegeskryf: (1) veranderings in die Reserwebank se goudbesit wat die gevolg is van die Bank se aankope van nuut-geproduseerde goud van die Kamer van Mynwese namens die goudproduserende myne, (2) toenames of afnames in die Bank se langtermyn buitelandse lenings toegestaan, en (3) toenames of afnames in die banke se eie besit aan goudmunt en staafgoud; laasgenoemde pos is egter meestal onbeduidend en veranderings daarin van maand tot maand kan gewoonlik as nietig beskou word. Nie ingesluit by die bydrae van die buitelandse sektor tot veranderings in die banke se likwiditeitsbasis nie, is veranderings in die banke se eie buitelandse valutareserves, aangesien buitelandse bates kragtens die Bankwet nie as Likwiede Bates tel nie.¹⁷

Toenames in die banke se besit aan kontantreserves by die Reserwebank, of dit die gevolg is van stygings in die Bank se netto buitelandse bates of van watter ander oorsaak ook al, kan vervolgens (1) in ander soorte Likwiede Bates omgesit word (indien dit byvoorbeeld as daggeld by die Nasionale Finansiekorporasie gedeponeer word),¹⁸ (2) vernietig word (indien dit byvoorbeeld gebruik word vir die aanskaf-

ting van nuut-uitgereikte langtermynstaatseffekte),¹⁹ of (3) die basis word vir 'n meervoudige toename in die banke se Likwiede Batebesit. Laasgenoemde verwikkeling sal hom byvoorbeeld voordoen indien individuele banke hul oorskotkontantreserves by die Reserwebank gebruik om, hetsy regstreeks of onregstreeks via die diskontohuise of die Nasionale Finansiekorporasie, ander Likwiede Bates as kontant (of selfs nie-Likwiede Bates, 'n verskynsel waarop hieronder kommentaar gelewer word) van markpartye in die nie-bank private sektor op te neem of oor te neem. Die verklaring van alle sodanige sekondêre en tersiêre invloede op die likwiditeitsbasis van die banke wat volg op die oorspronklike toename in die banke se besit aan kontantreserves, sal egter lê by ander bronne van banklikwiditeit as die buitelandse sektor, soos wat in die hieropvolgende afdelings bespreek word.

Die owerheidsektor as bron van banklikwiditeit

Die owerheidsektor tree hoofsaaklik as 'n positiewe bron van banklikwiditeit op (1) vir sover die owerheid se fiskale bedrywighede, die finansiering van sy tekorte, en sy staatskuldbeheer lei tot 'n toename in die totale uitstaande bedrag van die verhandelbare korttermynstaatskuld (skatkiswissels en korttermyn-effekte),²⁰ en (2) vir sover 'n sodanige toename in die korttermynstaatskuld nie of deur nie-bank private beleggers of deur die buitelandse sektor of die owerheidsektor self opgeneem word nie en ook nie met 'n ooreenkomsstige styging in die owerheid se deposito's by die Reserwebank gepaardgaan nie. Dit behoort opgemerk te word dat banke en nie-bankbeleggers in die ontleding van die likwiditeitsbasis of tot regstreekse besit, of, via hul besit aan daggeld by die Nasionale Finansiekorporasie of die diskontohuise wat aan hulle in feite 'n aandeel in die bateportefeuilles van hierdie instellings verleen, tot onregstreekse besit van die toenames in die volume van die uitstaande korttermynstaatskuld kan geraak.²¹

Benewens toenames in die korttermynstaatskuld wat deur die Reserwebank of deur die banke self geabsorbeer word sonder 'n gelykwaardige styging in die owerheid se deposito's, sal 'n daling in die ower-

17. As 'n verdere tegniese aansuiwing van die basiese gevawens word die bydrae van die buitelandse sektor tot die banke se likwiditeitsbasis verminder met die bedrag van die sogenaamde "verpligting van die Tesourie uit hoofde van trekkings op die Internasionale Monetêre Fonds". Hierdie bedrag word dan aan die owerheidsektor se bydrae tot die banke se likwiditeit toegevoeg. 'n Styging in hierdie bedrag tussen enige twee kwartaaleindes verminder derhalwe die buitelandse sektor se bydrae, en vermeerder die owerheidsektor se bydrae, tot die verandering in die likwiditeitsbasis van die banke gedurende die betrokke periode. Die rede vir hierdie aansuiwing is hoofsaaklik om maksimum vergelykbaarheid te behou tussen die monetêre ontleding, die geldmarkontleding en die ontleding van die likwiditeitsbasis.

18. Dit word veronderstel dat die Nasionale Finansiekorporasie dan van die toename in sy daggelddeposito-verpligtings gebruik sal maak om rentedraende bates (soos Landbankwissels en skatkiswissels) oor te neem van die Reserwebank.

19. Die veronderstelling is dat dit sal lei tot 'n gelykwaardige styging in die owerheidsdeposito's by die Reserwebank.

20. Die korttermynstaatskuld wat vir die banke as Likwiede Bates tel, bestaan uit Suid-Afrikaanse skatkiswissels en effekte van die Suid-Afrikaanse regering waarvan die laaste aflossingsdatum binne hoogstens drie jaar val. Hierdie effekte kan natuurlik effekte met 'n oorspronklike looptyd van meer as drie jaar insluit.

21. Die regstreekse besit aan korttermynstaatseffekte van die owerheidsektor self bestaan grotendeels uit dié van die Staatskuldkommissaris. Onregstreekse besit kan voorkom wanneer saldo's van die Staatskuldkommissaris of die Tesourie as daggelddeposito's by die diskontohuise of die Nasionale Finansiekorporasie gehou word, wat beteken dat die Kommissaris of die Tesourie op 'n basis van eweredigheid deel in die batebesit van hierdie instellings, soos in die teks aangedui.

heid se saldo's by die Reserwebank as gevolg van owerheidsbesteding normaalweg ook 'n toename in die banke se besit aan kontantreserves en 'n vergroting van die likwiditeitsbasis meebring. Ander metodes waarvolgens tekorte tussen die lopende owerheidsinkomste en -besteding, die netto terugbetaling van skuld wat deur die binnelandse nie-bank private sektor gehou word, of die netto terugbetaling van langtermynskuld wat deur binnelandse bankinstellings gehou word, gefinansier kan word, kan 'n soortgelyke uitwerking hê. So kan die sentrale regering, die provinsiale administrasies en sekere statutêre "fondse" en liggame binne die owerheidsektor byvoorbeeld op oortrokke rekening van die Reserwebank leen, wat van tyd tot tyd en soms vir langdurige periodes gedoen word; die bedrae wat hierby betrokke is, kan aansienlik wees. Hierbenewens kan die Reserwebank soms inteken op nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte of sulke uitgifte op aanvraag verkry.

As samevatting van die voorgaande, maar met voorlopige verontagsaming van die moontlike uitwerking van transaksies in die sekondêre mark in staatseffekte op die banke se Likwiede Batebesit, kan die berekening van die invloed van die owerheidsektor se finansiële bedrywigheede op die likwiditeitsbasis van die banke skematis soos volg uiteengesit word:

Toename (+), of afname (-), in die totale uitstaande verhandelbare korttermynstaatskuld,

Min toename, of plus afname, in die regstreekse en onregstreekse besit aan korttermynstaatskuld van:

- (a) die owerheidsektor,
- (b) die binnelandse nie-bank private sektor,
- (c) die buitelandse sektor,

Plus toename, of min afname, in die Reserwebank se besit aan langtermynstaatseffekte,

Plus toename, of min afname, in ander vorms van kredietverlening deur die Reserwebank aan die owerheidsektor,

Min toename, of plus afname, in die deposito's van die owerheidsektor by die Reserwebank,

Is gelyk aan toename of afname in die likwiditeitsbasis van die banke uit hoofde van die belastings- en bestedingsbedrywigheede, die finansiering van tekorte, en die staatskuldbeheer van en deur die owerheidsektor.

Die banke kan egter klaarblyklik hul gesamentlike besit aan korttermynstaatseffekte vermeerder (en hul likwiditeitsbasis vergroot), nie slegs deur in te teken op nuwe effekte-uitgifte of deur te tender vir skatkiswissels nie, maar ook deur voorheen uitgereikte effekte of skatkiswissels van binnelandse nie-bankbesitters daarvan aan te koop. Op soortgelyke wyse kan die Reserwebank die kontantreserves en die likwiditeitsbasis van die banke laat toeneem of inkrimp deur reeds bestaande korttermynneffekte of skatkiswissels in die ope mark van binnelandse nie-bankbeleggers aan te koop of dit aan hulle te verkoop. (Aankope of verkoop van korttermynneffekte of skatkiswissels van of aan die banke sal

daarenteen slegs een soort Likwiede Bates in die hande van die banke deur 'n ander soort vervang, soos hierbo reeds opgemerk is.) Hierbenewens sal die likwiditeitsbasis van die banke beïnvloed word wanneer voorheen uitgereikte langtermynstaatseffekte deur die Reserwebank van binnelandse nie-bankbeleggers of van die banke self aangekoop word of aan hulle verkoop word. Sulke aan- en verkope kan deur die Reserwebank aangegaan word by die uitvoering van sy opemarktransaksies vir doeleindes van monetêre beleid of by die voorsiening van akkommodasie aan bankinstellings, waarby die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie ingesluit is.

Statisties kan die transaksies van die banke of die Reserwebank in voorheen uitgereikte staatseffekte op die sekondêre of ope mark gerедelik in die bestaande skematische uiteensetting van die uitwerking van die owerheidsektor op die banke se likwiditeitsbasis ondergebring word. Hulle laat egter in soverre 'n probleem ontstaan dat die beweegredes en die initiatief vir sulke transaksies klaarblyklik berus by die partye tussen wie die transaksie aangegaan word (dit wil sê by die banke, die Reserwebank of nie-bank private beleggers), in plaas van by die owerheidsektor self. Bowendien sal die omvang en die aard van die betrokke effektetransaksies nie noodwendig enige verband toon met die mate waarin die owerheidsektor terselfdertyd sy toevlug tot die bankstelsel neem om syleen behoeftes te finansier nie. Dit is derhalwe 'n ope vraag of die owerheidsektor in sulke gevalle nog beskou behoort te word as die sektorale bron wat vir die begeleidende veranderings in die banke se likwiditeit verantwoordelik is.²²

In die ontleding van die likwiditeitsbasis word die uitwerking van die betrokke effektetransaksies op die banke se gesamentlike Likwiede Batebesit in werklikheid wel aan die owerheidsektor toegeskryf. Verskeie argumente kan aangevoer word om hierdie benadering te regverdig.

Ten eerste word, as 'n praktiese aangeleentheid, 'n oorweldigende groot deel van die uitstaande Suid-Afrikaanse verhandelbare korttermynstaatskuld (maar nie van die langtermynskuld nie) deur die bankstelsel (met insluiting van die Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie en die diskontohuise) en die Staatskuldkommissarisse in besit gehou. Die betreklik klein gedeelte van hierdie skuld wat in die hande van nie-bank private beleggers is, sal gewoonlik om ietwat spesiale redes aangekoop wees en kan waarskynlik as in betreklik vaste eienaarskap beskou

22'n Soortgelyke, en verwante, probleem bestaan in die monetêre ontleding. Die oorsaak van 'n toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad wat voortspruit uit monetêre banke se aankope van staatseffekte van die private nie-banksektor word in daardie ontleding geag om te bestaan uit 'n toename in die banksektor se netto eise teen die owerheidsektor. Fondse sal dan egter deur die banke aan die private sektor in plaas van aan die owerheidsektor voorsien wees, en die owerheidsektor sal nie by so 'n transaksie betrokke gewees het nie.

word.²³ Onder hierdie omstandighede is die banke se geleenthede om hul Likwiede Batebesit deur die aankoop van korttermynstaatskuld bewyse van nie-bankbeleggers aan te vul, klaarblyklik beperk.²⁴ Die totale beskikbaarheid van die betrokke wissels en effekte, eerder as verskuiwings van hierdie skuldinstrumente tussen verskillende eienaars, is derhalwe die mees deurslaggewende faktor by die bepaling van die bedrag van die korttermynstaatskuld in die banke se gesamentlike Likwiede Bateportefeuille.

Ten tweede sou dit in die praktyk baie moeilik wees om te bepaal hoe en van wie die korttermynstaatseffekte of skatkiswissels wat op enige besondere tydstip in die portefeuilles van die banke en die diskontohuise gehou word, histories verkry is. Dit sou in werklikheid nagenoeg onmoontlik wees om vast te stel watter deel van hierdie instellings se gesamentlike besit aan korttermynstaatskuld soos aan die einde van enige gegeue maand of kwartaal sy oorsprong gehad het in inskrywings op nuwe uitgifte en in transaksies met nie-bank private beleggers in die sekondêre mark, onderskeidelik.²⁵ Soortgelyke probleme, hoewel moontlik nie onoorkoomlik nie, sou bestaan met betrekking tot die besit aan korttermynstaatskuld van die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie en die besit aan langtermynskuld van die Reserwebank.

Ten slotte is dit in belangrike mate waarskynlik gepas om aankope van korttermynstaatskuld-instrumente deur die banke of die Reserwebank van nie-

23. Op maandeindes gedurende 1977 het die aandeel van die nie-bank private beleggers in die totale uitstaande bedrag aan skatkiswissels en korttermynstaatseffekte gemiddeld effens meer as vyf persent beloop. Die grootste enkele groep nie-bank private besitters het bestaan uit die bouverenigings, wat gedurende die jaar hul portefeuilles aan korttermynneffekte vergroot het gedeeltelik as reaksie op die herinstelling van Voorgeskrewe Beleggingsvereistes wat deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede vir 1977/78 aangekondig is.

24. Hierdie faktor verhoog op sigself die potensiële effektiwiteit van die Likwiede Batevereistes as 'n monetêre beleidsinstrument.

25. Die probleem van die "klassifikasie volgens oorsprong" van die korttermynwissels en -effekte van die owerheid wat deur die banke en die diskontohuise in besit gehou word, word vererger deur die feit dat altans 'n deel van hierdie skuldbewyse gedurende 'n enkele kwartaal herhaaldelik van eienaar kan verwissel het (waarby dit moontlik by een of meer geleenthede van die banke na nie-bank private beleggers en vervolgens weer terugbeweeg het). By die opstelling van kwartaallikse gegewens oor die bronne van banklikwiditeit is dit nie vanselfsprekend dat slegs die mees onlangse transaksie in die betrokke skatkiswissels of staats-effekte (wat dan 'n verkoop deur 'n nie-bank belegger aan 'n bank of diskontohuis behels het) vir die doel van so 'n klassifikasie ter sake is nie. In plaas daarvan kan dit soms nodig blyk te wees om so 'n transaksie meer sinvol te beskou asof dit slegs die onmiddellik voorafgaande transaksie (wat 'n verkoop deur 'n bank aan 'n nie-bank belegger behels het) gekanselleer of geneutraliseer het. Hiervolgens kan die owerheidsektor nog die "ware" voordekkertrekker van die bank se effekte-aankope wees, en ook die "werklike" bron van die toename in die banke se besit aan likwiede effekte, met betrekking tot die kwartaal waarvoor gegewens bymekaargemaak word.

bank private beleggers slegs met betrekking tot die meer onmiddellike uitwerking van sulke aankope as 'n verlening van bankkrediet aan die nie-bank private sektor te beskou. (Insgeelyks behoort aankope van langtermynstaatseffekte deur die Reserwebank van die banke of van nie-bankbeleggers slegs met betrekking tot die meer onmiddellike gevolge van sulke aankope as 'n voorsiening van krediet deur die sentrale bank aan die banke of aan die nie-bank private sektor beskou te word.) Volgens enige sienswyse van hierdie saak wat meer as net 'n betreklik baie kort termyn in ag neem, behoort sulke effekttransaksies waarskynlik vertolk te word asof dit in werklikheid 'n omwegmetode vir die verlening van akkommodasie deur die banke of die sentrale bank aan die owerheidsektor is. In hul pogings om fondse te bekom, sal die nie-bank private besitters van korttermynstaatskuld-instrumente byvoorbeeld mettertyd die keuse hê om toe te laat dat die betrokke wissels of effekte verval en afgelos word. Enige daling in die owerheidsedeposito's by die Reserwebank wat daaruit sou voortvloei (wat 'n styging in die netto kredietverlening van die Reserwebank aan die owerheid beteken), sou uiteindelik neig om dieselfde uitwerking op die banke se likwiditeitsbasis te hê as wat die geval sou wees met aankope deur die banke of die Reserwebank van die effekte wat deur die nie-bank private sektor van die hand gesit word, ('n Vergelykbare invloed sal neig om uitgeoefen te word deur die owerheid se toevlug tot verhoogde kredietopname van die banke of die Reserwebank wanneer sy kontantsaldo's uitgeput is.) Op soortgelyke wyse kan aankope deur die Reserwebank van langtermynstaatseffekte in die mark of by die verlening van akkommodasie aan bankinstellings uiteindelik 'n plaasvervanger wees vir 'n verhoogde mate van regstreekse toevlug van die owerheid tot die Reserwebank of tot die bankstelsel in die algemeen op 'n manier wat 'n vergelykbare uitwerking op die banke se likwiditeitsbasis sou hê.

Vanuit 'n statistiese oogpunt gesien het die meer omvattende vertolking van die owerheidsektor se bydrae tot veranderings in die banke se likwiditeitsbasis dié voordeel dat dit die grootte van hierdie bydrae gedurende enige besondere periode ietwat nader bring aan die omvang van die veranderings in die netto eise van die banksektor teen die owerheidsektor as 'n oorsaak van veranderings in die geld- en kwasi-geldvoorraad, en van die veranderings in die netto eise van die Reserwebank-NFK teen die owerheidsektor as 'n oorsaak van veranderings in die geldmarkaanwyser. Dit moet nietemin aanvaar word dat die bovenoemde argumente op 'n meer analitiese vlak duidelik nie steeds ten volle oortuigend sal wees nie en ook minder oortuigend kan word wanneer en namate die opemarktransaksies van die Reserwebank of die banke se aankope van staats-effekte van nie-bankbeleggers van groter belang word as wat tot dusver die geval was. Soos vroeër reeds opgemerk is, wil dit ook voorkom of die meer omvattende meting van die owerheidsektor se bydrae tot

veranderings in die banke se totale Likwiede Batebesit meer gepas is by die vertolking van monetêre ontwikkelings van 'n langtermyn- eerder as van 'n seisoens- of ander betreklike korttermynnaard.

As 'n laaste element by die berekening van die owerheidsektor se bydrae tot die likwiditeitsbasis moet 'n "aansuiwering" gemaak word om rekenskap te gee van die verskille tussen die bedrae van die banke se besit aan korttermynstaatseffekte soos dit op hul Maandstate en hul Kwartaalstate van Bates en Laste opgegee word en die bedrae van hierdie effekte wat in die verdeling van die binnelandse bemarkbare effekteskuld van die sentrale regering volgens besitter aan hulle toegereken word.²⁶ Hoewel hierdie verskillende normaalweg onbeduidend en soms nietig is, kan dit van tyd tot tyd groot word. Dit sal byvoorbeeld gebeur wanneer die banke die Reserwebank vir akkommodasie genader het en korttermynstaatseffekte as onderpand vir lenings aangebied het. Artikel 24 van die Bankwet bepaal dat geen bates wat verpand of andersins beswaar is, deur 'n bank gebruik mag word om aan sy Likwiede Batevereistes te voldoen nie. Vanweë hierdie bepaling het sulke bates in werklikheid hul status as Likwiede Bates verloor en word hulle van die Likwiede Bates (maar nie van die Totale Bates nie) soos dit op die banke se opgawes getoon word, uitgesluit.

Die nie-bank private sektor as bron van banklikwiditeit

Die nie-bank private sektor is 'n bron van banklikwiditeit vir sover: (1) sekere tekortbegrotingseenhede in hierdie sektor toegelaat word om regstreeks van die Reserwebank te leen en dit normaalweg sal doen sonder om 'n gelykwaardige bedrag aan saldo's by die Bank op te gaan (gesien die feit dat deposito's van die nie-bank private sektor by die Bank by die bepaling van die banke se likwiditeit 'n negatiewe faktor is); (2) 'n beperkte bedrag aan effekte van die nie-bank private sektor wat nie as Likwiede Bates tel nie, deur die Reserwebank in besit gehou word; (3) sekere soorte lenings van die banke aan die nie-bank private sektor in die hande van die banke as Likwiede Bates tel; en (4) verskillende soorte verhandelbare korttermynskuldinstrumente wat deur die nie-bank private sektor uitgereik is, in die hande van die banke as Likwiede Bates tel, terwyl sommige van hierdie instrumente by geleentheid ook deur die Reserwebank opgeneem kan word.

Die eerste van hierdie poste het hoofsaaklik, hoewel nie uitsluitend nie, betrekking op die Reserwebank se akkommodasie, wat grotendeels van 'n

26.Soos dit in Tabel S-53 in die Reserwebank se Kwartaalblad getoon word. Dit behoort opgemerk te word dat staats-effekte wat as Likwiede Bates tel, deur die banke op hul opgawes teen hul markwaardes (soos deur die Staat-skuldkommissaris bepaal) opgegee word. In die verdeling volgens eienaars word die eienaars se besit teen die nominale waarde daarvan getoon.

seisoensaard is, van die Landbank (wat vir die doel van die ontleding van die likwiditeitsbasis as deel van die nie-bank private sektor beskou word) deur middel van die verdiskontering van Landbankwissels. Ewe-eens by hierdie pos ingesluit is egter die meestal betreklik beperkte bedrae aan lenings van die Reserwebank op oortrokke rekening aan 'n groot verskeidenheid statutêre en semi-openbare liggeme wat as deel van die private eerder dan as van die owerheidsektor geklassifiseer behoort te word. Die tweede pos, wat hier grotendeels slegs volledigheidshalwe genoem word, omvat die Reserwebank se besit aan effekte van openbare korporasies, wat baie beperk is en slegs selde verander word. Die derde pos bestaan in wese slegs uit die handelsbanke se lenings aan die Landbank wat na keuse van die uitlenende bank in wissels van die Landbank omgesit kan word. Die vierde pos sluit in die banke se heel aansienlike besit aan obligasies van die Landbank wat binne hoogstens drie jaar verval, sowel as uitvoerkrediet- "notes" en -obligasies van die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie met 'n looptyd wat nie drie jaar te bove gaan nie. Ook by hierdie pos ingesluit is egter die Reserwebank en ander banke se besit aan likwiede bankaksepte, handels- en landbouwissels en promesses wat voldoen aan die vereistes van die Bankwet, soos nader uiteengesit in die Regulasies kragtens die Bankwet, om as Likwiede Bates te tel.

Landbankwissels en korttermynobligasies van die Landbank, en bankaksepte, handelswissels en promesses wat as Likwiede Bates tel, kan, net soos die verhandelbare korttermynskuldinstrumente van die owerheid, of regstreeks, of onregstreeks via die diskontohuise en/of die Nasionale Finansiekorporasie, deur die banke in besit gehou word.²⁷ 'n Sekere probleem met betrekking tot die "korrekte" sektorale klassifikasie van die oorsprong van 'n toename in die banke se likwiditeitsbasis kan, altans in beginsel, weer ontstaan vir sover aankope deur die Reserwebank van nie-likwiede eise teen die nie-bank private sektor van bankinstellings die uitwerking sou hê om die banke se Likwiede Batebesit te vermeerder, maar waarskynlik nie geag behoort te word om 'n weerspieëeling te wees van banklikwiditeitskeppende bedrywigheid van besluitnemers in die nie-bank private sektor nie.²⁸

As 'n algemene beginsel bring die banke se verkry-

- 27.Die Nasionale Finansiekorporasie besit egter nie bankaksepte, handels- of landbouwissels of promesses nie. Tot dusver het nog die Korporasie nog die diskontohuise uitvoerkrediet- "notes" of -skuldbrieve van die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie in hul besit gehad.
- 28.Hierdie probleem is egter ietwat hipoteties. Aankope deur die Reserwebank van bankinstellings van nie-likwiede effekte wat deur die nie-bank private sektor uitgereik is, is ongewoon en sal meestal van min betekenis wees. Aankope of herdiskonterings deur die Reserwebank van Landbankwissels of bankaksepte (laasgenoemdes slegs vanaf die begin van 1978) van of vir die banke, die diskontohuise of die Nasionale Finansiekorporasie, is natuurlik nie ongewoon nie maar vergroot nie die banke se likwiditeitsbasis nie.

ging van likwiede eise teen die nie-bank private sektor van markpartyé in die nie-bank private sektor geen onmiddellike verlies van kontantreserwes vir hulle mee nie en verbreed dit dus hul likwiditeitsbasis. Vir sover die nie-bank private sektor deur die banke oorreed kan word om in likwiede vorm of deur middel van verhandelbare instrumente wat as Likwiede Bates tel, te leen, is die banke derhalwe in staat om hul Likwiede Batebesit op hul eie inisiatief uit te brei op 'n wyse wat nie aan regstreekse beheer deur die monetêre owerhede onderhewig is nie. Soos vroeër reeds opgemerk is, het die owerhede op hierdie potensiële swak skakel in hul monetêre beheerstelsel gereageer deur 'n perk te stel aan die mate waarin bankaksepte, handels- en landbouwissels en promesses wat as Likwiede Bates tel, deur die banke gebruik kan word om aan hul Likwiede Batevereistes te voldoen.²⁹ Hierbenewens mag sulke instrumente nie meer as 35 persent van die totale batebesit van die diskontohuise beloop nie.³⁰

'n Laaste soort invloed van die nie-bank private sektor op die likwiditeitsbasis van die banke word uitgeoefen deur veranderings in die bedrag aan munte en note wat onder die nie-bank publiek in omloop is. In beginsel sou 'n styging in die sogenaamde muntpverpligting van die Tesourie uit hoofde van 'n toename in die bedrag aan munte *uitgereik* moontlik as 'n positiewe bron van banklikwiditeit aan die owerheidsektor toegeskryf kon word. So 'n toename sou dan beskou word as vergelykbaar met 'n toename in die uitstaande bedrag van die verhandelbare rentedraende korttermynstaatskuld, en sou dan toevlug tot die muntryse in plaas van tot die drukpers beteken om die owerheid se tekorte te finansier. Die ontleding van die likwiditeitsbasis stel hom egter op die standpunt dat die muntpverpligting van die Tesourie in wese slegs bestaan op grond van die algemene publiek se behoefte aan betaalmiddelle van klein denominasies wat van hand tot hand kan gaan. Toenames in die totaal aan munte *uitgereik* deur die Tesourie word dienooreenkomsdig beskou as deel van die positiewe bydrae van die nie-bank private sektor

29.Sien voetnoot 3 hierbo. Hierdie beperking is ingestel deur wysigings van die Bankwet van 1965 in 1972, as reaksie op sienswyses wat in die Derde Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Fiskale en Monetêre Stelsel (die Franzsen-kommissie) van 1971 (par. 622) uitgespreek is en op aanbevelings in die Verslag van die Tegniese Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing (die Franzsen-komitee) van 1972 (par. 42).

30.Hierdie beperking bestaan kragtens 'n informele ooreenkoms tussen die Reserwebank en die diskontohuise. Die betrokke maksimum op die aandeel van (likwiede) bankaksepte ens. in die totale bateportefeuille van die diskontohuise dateer van ongeveer 1964 en het aanvanklik 40 persent bedra maar is vanaf 1 November 1975 tot 35 persent verlaag. By afwesigheid van so 'n beperking sou die banke in beginsel in staat kon wees om alle handelwissels en bankaksepte wat nie gebruik kan word om aan die Likwiede Batevereistes te voldoen nie, op die diskontohuise af te skuiif, in ruil vir 'n vergrote besit aan daggeldlenings aan die diskontohuise wat in onbeperkte mate gebruik kan word om aan die Likwiede Batevereistes te voldoen.

tot die banke se likwiditeitsbasis. Toenames in die bedrag aan munte wat werklik buite die banke en die Reserwebank *in omloop* is, moet natuurlik beskou word as 'n faktor wat die banke se likwiditeit verminder en ewe-eens in die nie-bank private sektor sy ontstaan het. 'n Toename in banknote wat onder die nie-bank publiek *in omloop* is, kom eenvoudig tot stand ten koste van die kontantreserwes in die kluse van die banke of van hul kontantreserwesaldo's by die Reserwebank sonder enige neutraliserende kontra-pos in die rekeninge van die owerheid. Die daarmee gepaardgaande afname in die likwiditeitsbasis van die banke moet insgelyks aan die nie-bank private sektor toegeskryf word.

Die bankstelsel as bron van banklikwiditeit

Die bankstelsel kan self 'n bron van banklikwiditeit wees, ten eerste omdat bankinstellings (wat in hierdie verband nie die Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie, die diskontohuise of die Landbank insluit nie) deposito's van mekaar kan aanvaar wat vir die deponerende instellings as Likwiede Bates tel. Aangesien dit gelyk het of die Bankwet van 1965 in sy oorspronklike vorm aan die banke ruimte gelaat het om hul eie likwiditeitsbasis op hierdie wyse binne potensieel betreklik wye grense te vergroot, is daar deur die wysigings van die Wet in 1972 beperkings gestel aan die soorte deposito's van banke by banke wat in die vervolg nog as Likwiede Bates sou tel. Voor November 1972 het die omskrywing van Likwiede Bates in die Bankwet alle onmiddellik opeisbare deposito's *ingesluit* wat deur 'n bank by 'n "monetêre" bankinstelling gehou is.³¹ Onder die huidige omstandighede bestaan die enigste "interbank"-deposito's wat nog by Likwiede Bates *ingesluit* is uit deposito's waarop daar geen rente verdien word nie, wat onmiddellik per tjak opvraagbaar is en wat deur 'n bankinstelling wat nie 'n lid van die verrekeningshuis is nie, by 'n ander bank aangehou word.

Ook *ingesluit* by die bankstelsel as 'n bron van veranderings in die banke se gesamentlike Likwiede Batebesit is veranderings in die "netto ander bates" van die Reserwebank. Hierdie pos word bereken as die bedrag van die bates van die Bank met uitsondering van sy besit aan munte, goud- en ander buitelandse reserwes, langtermyn buitelandse bates, en geïdentifiseerde eise teen die owerheidsektor en die nie-bank private sektor, *min* die bedrag van sy laste met uitsondering van sy buitelandse laste, owerheidsdeposito's, deposito's van die nie-bank private sektor, en note *in omloop*. Ingesluit by hierdie pos aan die batekant van die Reserwebank se Staat van Laste en Bates is derhalwe die Bank se lenings aan

31.In hierdie verband was 'n "monetêre" bankinstelling 'n bank wat ingevolge die Bankwet 'n reserwesaldo by die Reserwebank in stand moes hou omdat sy korttermynverpligtings teenoor die publiek R500 000 oorskry het.

ander binnelandse banke, die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie, en sy "ander bates"; ingesluit aan die lastekant is die Bank se kapitaal en reserwefondse, en sy "ander laste". Die totale pos "netto ander bates van die Reserwebank", wat homself klaarblyklik nie geredelik leen tot 'n volledige sektorale ontleding nie, het vir sekere tyd (dit wil sê veral vanaf 1975 tot 1977) 'n betreklik groot sowel as veranderlike bestanddeel van die bankstelsel se totale bydrae tot die banke se gesamentlike Likwiede Batebesit uitgemaak.³²

Die laaste komponent van die bankstelsel se eie bydrae tot veranderings in die banke se likwiditeitsbasis bestaan uit veranderings in die bedrag van die "omsetting" van nie-Likwiede Bates in Likwiede Bates wat deur die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie vir instellings wat daggeld by hulle hou, bewerkstellig word. Soos in verskeie vroeëre afdelings van hierdie artikel reeds terloops opgemerk is, word die diskontohuise en die Korporasie in die ontleding van die likwiditeitsbasis as tussengangers beskou; banke en ander besitters van daggeld by die huise en die Korporasie word dienoorenkomsdig geag om 'n aandeel in die verskillende

32. Hierdie verloop van sake het in belangrike mate in verband gestaan met die geleidelike opbouing van aansienlike batige saldo's op die sogenaamde Termynkontrakte-gebeurlikhedsreserwerekening en die Wisselkoersverskillerekening in die boeke van die Reserwebank. Eersgenoemde het voortgespruit uit verliese wat die Bank by die voorsiening van termyndekking gely het, laasgenoemde uit verliese wat die Bank opgedoen het as gevolg van herwaarderings van sy laste en bates wat in buitelandse geldeenhede betitel is ooreenkomsdig die afwaartse swiveling (of devaluasie) van die rand. In die lig van die feit dat die Bank, kragtens die Wet op Betaalmiddele en Wisselkoerse van 1933, deur die regering vergoed sou (en sal) word vir verliese wat hy op sy termynvalutakontrakte of uit hoofde van veranderings in wisselkoerse gely het, verteenwoordig 'n batige saldo op hierdie rekening (en hul huidige teehangers) klaarblyklik 'n eis teen die owerheidsektor. 'n Toename in die batige saldo op die TKGR-rekening het, *ceteris paribus*, ook klaarblyklik die uitwerking gehad om Likwiede Bates aan die banke te voorsien of, noukeuriger gestel, om 'n daling in die banke se besit aan kontantreserves en Likwiede Bates te verhoed. Stygings in die een of die ander van die betrokke batige saldo's sou egter klaarblyklik nie hul oorsprong gehad het in gelyktydige belastings- of bestedingsbedrywighede, die finansiering van tekorte of die staatskuldbeheer van en deur die owerheid nie; terselfdertyd sou hulle ook nie 'n weerspieëling gewees het van bewuste optrede deur die bankstelsel om verdere krediet aan die owerheidsektor te verleen of om sy eise teen die owerheidsektor te vermeerder nie. Bygevolg is dit twyfelagtig of hierdie saldo's as 'n bestanddeel van die Reserwebank se "ander bates" sinvol as deel van die owerheidsektor se bydrae tot die likwiditeitsbasis van die banke beskou kan word. Om hierdie en ander redes het dit gelyk of dit voorkeur verdien om sulke saldo's te hanteer as finansiële eise wat voortspruit uit ontonome optrede van die sentrale bank waartoe sekere eksterne gebeurtenisse aanleiding gegee het. Dit beteken dat hulle vir die doel van die ontleding van die likwiditeitsbasis aan die bankstelsel in plaas van aan die owerheid-, die buitelandse of die nie-bank private sektor toegeskryf word as faktore wat bydra tot die banke se Likwiede Batebesit.

bates van hierdie instellings te hê wat regstreeks eweredig is tot die deel wat hul daggelddeposito's van hierdie instellings se totale laste uitmaak. Terwyl daggelddeposito's by die diskontohuise en die Korporasie egter vir die banke wat dit besit ten volle as Likwiede Bates geld, geniet sekere van die bates in die portefeuilles van hierdie instellings nie die status van Likwiede Bates nie en sou dit nie deel van die banke se likwiditeitsbasis gewees het indien die banke dit regstreeks in plaas van onregstreeks via hierdie tussengangers besit het nie. Die diskontohuise en die Korporasie oefen derhalwe nie net in die tegniese sin van batelikwiditeit nie, maar ook in die statutêre betekenis daarvan, die funksie van 'n tussenganger uit om minder likwiede bates in meer likwiede bates om te sit. Nie-Likwiede Bates in besit van die diskontohuise sal normaalweg betreklik aansienlike bedrae aan verhandelbare depositosertifikate van bankinstellings, enkele beleggings in langertermynstaatseffekte en in die effekte van plaaslike owerhede en openbare korporasies, en 'n klein bedrag aan "ander bates" insluit.³³ Nie-Likwiede Bates wat deur die Nasionale Finansiekorporasie gehou word, sal ewe-eens beleggings in langertermynstaatseffekte en in die effekte van plaaslike owerhede en openbare korporasies insluit, asook "ander beleggings" en enkele "ander bates". Alhoewel die totale bedrag van die "omsetting" van nie-Likwiede Bates in Likwiede Bates deur die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie vir die banke oor die algemeen nie groot was nie, het dit gedurende die grootste deel van 1974, 1975 en die begin van 1976 'n betreklik hoë peil bereik en was dit aan die einde van Maart en Junie 1975 verantwoordelik vir meer as 10 persent van die totale likwiditeitsbasis.

Verloop van die likwiditeitsbasis oor tyd

Seisoenselemente

Waar seisoenselemente ook maar enigsins belangrik is by die bepaling van veranderings oor die tyd in die verskillende sektorale bydraes tot die likwiditeitsbasis of in die likwiditeitsbasis self, kan die verwydering daarvan uit die betrokke tydreekse om twee redes nodig wees. Ten eerste laat slegs seisoensaangesuiwerde gegewens 'n korrekte identifikasie toe van die sikliese en ander langertermynkrakte wat die

33. Vanaf die begin van 1978 is daar ook erkenning gegee aan die feit dat nie alle bankaksepte ens. wat deur die diskontohuise gehou word, as "Likwiede Bates" beskou kan word nie volgens die vereistes wat die Reserwebank gestel het waaraan sulke aksepte moet voldoen om deur die Bank herdiskonne te kan word. Die diskontohuise se besit aan sulke nie-likwiede bankaksepte word nou saamgegroep met hul besit aan alle ander bates wat nie spesifiek deur Artikel 22 van die Bankwet gemagtig word nie, waarvan die totaal onderhewig is aan 'n maksimum van 12½ persent (voorheen 10 persent) van die huise se totale bates. Tot dusver was die huise se besit aan nie-likwiede aksepte, wissels en promesses egter meestal baie beperk.

gedrag van hierdie groothede bepaal. Ten tweede kan die berekenings van jaarkoerse van die groei in enig- een van hierdie groothede gedurende periodes wat nie uit een of meer volle jare bestaan nie, klaarblyklik misleidend wees tensy die invloed van seisoens- elemente uitgeskakel is.

Seisoenshoogtepunte in die banke se totale besit aan Likwiede Bates soos op kwartaaleindes neig tans om aan die einde van Junie en in mindere mate aan die einde van Desember elke jaar bereik te word. 'n Seisoenslaagtepunt kom voor aan die einde van Maart, terwyl die seisoensinvloede swak is of mekaar neutraliseer aan die einde van September. 'n Soortgelyke maar meer opmerklike patroon van seisoensinvloede bestaan ook in die bydrae van die owerheidsektor tot die likwiditeitsbasis; dit wil in werklikheid voorkom of die grootste deel van die reëlmatige seisoensveranderings in die banke se totale besit aan Likwiede Bates deur die belastings-, bestdings- en finansieringsbedrywighede van die owerheidsektor veroorsaak word. Duidelike seisoenshoogtepunte kom ook voor in die "buitelandse bates"-komponent (dit wil sê die positiewe komponent) van die buitelandse sektor se bydrae tot die likwiditeitsbasis aan die einde van Maart, asook in die somtotaal van die poste wat die private sektor se bydrae tot die likwiditeit van die banke aan die einde van September vergroot sowel as van dié wat dit verminder. Geen betekenisvolle en konstante seisoenspatroon kan egter in die bankstelsel se bydrae tot die likwiditeitsbasis, waarvan die korttermynskommelings neig om deur bewegings in die netto ander bates van die Reserwebank oorheers te word, gevind word nie. Hierdie reeks is derhalwe nie vir seisoensinvloede aangesuiwer nie.

Sikliese elemente

Die buitelandse sektor

Soos verwag kon word, toon die sikkiese skommelings in die bydrae van die buitelandse sektor tot die banke se totale besit aan Likwiede Bates oor die algemeen 'n noue ooreenkoms met die skommelings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor as 'n oorsaak van veranderings in die geld- en kwasi-geldvoorraad. Hierdie ooreenkoms is vanselfsprekend egter minder as volledig vanweë verskille tussen die definisies en statistiese dekking van hierdie twee groothede. Die belangrikste van hierdie verskille is dat die bydrae van die buitelandse sektor tot die banke se besit aan Likwiede Bates hoofsaaklik gebaseer is op die Reserwebank se besit aan netto goud- en ander buitelandse reserwes en nie die besit aan korttermyn buitelandse bates van ander monetêre bankinstellings insluit nie en ook nie die korttermyn buitelandse laste van hierdie banke in aanmerking neem nie.

Die sikliese ondervinding sedert 1965 toon dat die buitelandse sektor se bydrae tot die banke se seisoensaangesuiwerde likwiditeitsbasis 'n sterk neiging


het om te styg gedurende die meer gevorderde stadiums (min of meer die tweede helfte) van die afwaartse fase en gedurende die vroeëre stadiums (min of meer die eerste helfte) van die opwaartse fase van die konjunktuurgolf. Afnames kom gewoonlik voor gedurende die meer gevorderde stadiums van die opwaartse fase en die vroeëre stadiums van die afwaartse fase. Die vinnigste toename in die buitelandse sektor se bydrae tot die banke se likwiditeitsbasis, sowel absoluut as persentueel, neig derhalwe om by of in die omgewing van die onderste draaipunt van die konjunktuurgolf voor te kom, waarby dit moontlik ietwat daaraan kan voorafgaan (soos byvoorbeeld gedurende die tweede kwartaal van 1972) of ietwat kan sloer ten opsigte daarvan (soos gedurende die tweede kwartaal van 1968). Omgekeerd kom die vinnigste afnames gewoonlik naby die boonste draaipunt van die konjunktuurgolf voor, waarby dit weer eens ietwat daaraan kan voorafgaan (soos gedurende die eerste kwartaal van 1967) of kort daarop kan volg (soos in die begin van 1971). Die mees onlangse sikielse inkrimping in die Suid-Afrikaanse ekonomie vanaf ongeveer Augustus 1974 tot laat-1977 was in hierdie opsig egter nie tipies nie aangesien die hoogste koers van afname in die buitelandse sektor se bydrae tot die banke se Likwiede Batebesit eers diep in die afwaartse fase (naamlik gedurende die eerste kwartaal van 1977) in plaas van by of naby die boonste draaipunt van die konjunktuurgolf in die derde kwartaal van 1974 bereik is.

Die owerheidsektor

In die verloop van die konjunktuur sedert 1965 het die seisoensaangesuiwerde bydrae van die owerheidsektor tot die likwiditeitsbasis oor die algemeen geneig om gedurende die meer gevorderde stadiums van afwaartse fases en die vroeë stadiums van opwaartse fases slegs betreklik stadig te styg of in werklikheid te daal, en om gedurende die latere stadiums van opwaartse fases en die aanvanklike stadiums van afwaartse fases skerp toe te neem. Alhoewel die sikiiese ondervinding sedert 1965 duidelik te kort is om te kan dien as basis vir veralgemenings wat met vertroue aanvaar kan word, wil dit voorkom of die vinnigste koers van toename normaalweg vroeg in die afwaartse fase bereik word, terwyl die laagste koers van toename gedurende die betreklik vroeë stadiums van die opwaartse fase aangeteken word. Die resessie van 1974 tot 1977 wyk egter weer eens van hierdie patroon af in dié opsig dat die vinnigste toename in die owerheidsektor se bydrae tot die banke se likwiditeitsbasis, hoewel slegs in absolute bedrae en nie ook persentueel nie, gedurende hierdie periode eers in die tweede kwartaal van 1976 bereik is.

'n Vergelyking van die sikeliese gedrag van die buitelandse en die owerheidssektor as bronre van banklikwiditeit sedert 1965 toon dat toenames in die bydrae van die buitelandse sektor tot die likwiditeitsvoorraad van 1970 bereik is.

Grafiek 2. Sektorale oorsprong van banke se besit aan Likwiede Bates



teitsbasis oor die algemeen met afnames of slegs betreklik geringe toenames in die bydrae van die overheidsektor gepaardgegaan het, terwyl afnames in die bydrae van die buitelandse sektor in die reël hand aan hand gegaan het met vergelykenderwys vinnige toenames in dié van die overheidsektor. ('n Soortgelyke omgekeerde verband is voorheen reeds tussen veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en in die monetêre banke se netto eise teen die overheidsektor as oorsake van veranderings in die geld- en kwasi-geldvoorraad opgemerk.)³⁴ Alhoewel die negatiewe verband tussen die sikliese en ander korttermynskommelings in hierdie twee groothede begryplikerwys minder as volmaak is, is dit te nou en te konsekwent om verontgaam te kan word; dit wil egter voorkom of 'n volledige verklaring van hierdie verskynsel 'n nogal ingewikkeld saak is. Dit sou natuurlik verwag kon word dat sowel die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank (of van die totale bankstelsel) as die netto bankkrediet aan die overheidsektor, selfs by afwesigheid van enige oorsaaklike verband tussen hulle, 'n min of meer reëlmataige, siklies wederkerende, patroon van toenames en afnames sal toon. Die oënskynlik negatiewe korrelasie tussen hierdie groothede toon derhalwe nie noodwendig aan dat hulle oorsaaklik met mekaar verbind is nie, alhoewel dit redelik is om te veronderstel dat daar wel so 'n verband bestaan. Albei groot-hede kan egter klaarblyklik ook aan nie-sikliese en toevallige invloede onderhewig wees en was in die verlede aan sulke invloede onderhewig (soos die uitwerking van politieke verwikkelingen op bewegings van buitelandse kapitaal en op die netto buitelandse reserwes). Oorsaaklike verbanne wat loop van veranderings in die Reserwebank se besit aan netto buitelandse reserwes na bewegings in die teenoor-gestelde rigting in die overheid se netto opname van krediet van die bankstelsel, kan dan byvoorbeeld bestaan vir sover 'n daling in die netto buitelandse reserwes 'n vernouing van die binnelandse geld- en kapitaalmarkte, 'n verstewiging van die rentekoerse en verwagtings aangaande toekomstige stygings in die rentekoerse kan meebring wat dit vir die overheidsektor moeiliker kan maak om sy leenbehoeftes uit binnelandse nie-bankbronne te bevredig. Hierteenoor kan 'n volgehoue daling in die netto buitelandse reserwes die overheid uiteindelik daartoe bring om 'n meer beperkende begrotings- (belasting- en bestedings-) beleid te aanvaar wat sy tekorte en sy behoefte om van die bankstelsel teleen, verminder,

Omgekeerd kan skakels wat loop van veranderings in die netto bankkrediet aan die overheidsektor na veranderings in die netto buitelandse reserwes een-voudig bestaan op grond van die feit dat verhoogde overheidsbesteding, wat waarskynlik altans gedeeltelik deur die bankstelsel gefinansier sal word, ver-

moedelik ook 'n styging in die invoer sal meebring (alhoewel die invoer van die overheid slegs vir 'n betreklik klein gedeelte van die totale invoer verantwoordelik is). Hierbenewens kan 'n beduidende toename in die netto toevlug van die overheidsektor tot bankkrediet *ceteris paribus* lei tot versnelde stygings in die geld- en kwasi-geldvoorraad, 'n verhoogde vlak van die oorskotlikwiditeit van die bankstelsel, groter beskikbaarheid van bankkrediet aan die private sektor, en laer rentekoerse, wat terugvoer na verhoogde binnelandse besteding in die algemeen en derhalwe ook na stygings in die invoer en na dalings in die netto buitelandse reserwes.³⁵ Bowendien kan die gevvolglike laer binnelandse rentekoerse 'n uityloei van buitelandse kapitaal aanmoedig. Op meer regstreekse wyse kan verskuiwings van fondse vanaf die overheid- na die private sektor by geleentheid die finansiële middele voorsien wat persone in die private sektor in staat stel om buitelandse handelskrediet af te los of om ander vorms van buitelandse skuld te verminder.³⁶

Alhoewel sommige van die bogenoemde skakels tussen bewegings in die netto buitelandse reserwes en in die netto bankkrediet aan die overheidsektor klaarblyklik heelwat tyd nodig sou hé om hul invloed te laat geld, is dit goed moontlik dat ander 'n betreklik vinnige uitwerking kan hé. Dit sal waarskynlik veral waar wees van invloede wat werk deur veranderings in die opbrengs- en rentekoerse en die daar-mee gepaardgaande veranderings in die rentekoers-verwagtings. As sodanig is dit moontlik dat hierdie faktore 'n verklaring kan gee van die skynbaar baie kort sloerings tussen die draai-punte in die netto buitelandse reserwes (of in die bydrae van die buitelandse sektor tot die banke se likwiditeitsbasis) en in die netto bankkrediet aan die overheidsektor (of in die bydrae van die overheidsektor tot die likwiditeitsbasis), wat meestal ter grootte van slegs 'n paar maande is. Vanaf 1965 tot 1975 het die draai-punte in die netto buitelandse reserwes en in die stygings en dalings daarin oor die algemeen ietwat aan hul teë-hangers in die netto bankkrediet aan die overheidsektor voorafgegaan. In 1976 het die boonste draai-punt in die toenames in die bydrae van die overheidsektor tot die likwiditeitsbasis egter op die onderste draai-punt in die afnames in die bydrae van die buitelandse sektor vooruitgeloop en daardeur moontlik die bestaan bevestig van die tweerigting-verband tussen hierdie twee groothede wat (weer eens met inagneming van die waarskynlike invloed van

35.Dit wil voorkom of hierdie algemene beskrywing van toepassing is op ontwikkelings in die vierde kwartaal van 1974 en die eerste helfte van 1975 wat kon bygedra het tot die "mini-herstel" in die loop van 1975.

36.Alhoewel hierdie faktor soms as belangrik beskou is (met name wanneer die plafonne op bankkrediet 'n vinnige toename in banklenings aan die private sektor verhinder het), kan terugbetaalings van buitelandse skuld natuurlik gemaak word met fondse wat uit enige binnelandse bron opgeneem is en sou dit nie noodwendig hoeft te wag op 'n loslating van fondse deur die overheidsektor nie.

34.Sien byvoorbeeld die Reserwebank se Jaarlikse Ekonomiese Verslag 1977, bl. 28-29.

veranderings in verwagtings) op a priori gronde aanneemlik lyk.

Die nie-bank private sektor

Op ietwat soortgelyke wyse as die owerheidsektor se bydrae tot die banke se Likwiede Batebesit, het die seisoensaangesuiwerde bydrae van die private sektor sedert vroeg-1965 geneig om gedurende die latere stadiums van die afwaartse fases van die konjunktuur-golf te daal en om gedurende die vroeëre stadiums van die daaropvolgende opwaartse fases slegs stadig indien ook maar enigsins te styg. Daarná het die toenames in die bydrae van die private sektor tot die likwiditeitsbasis dan geneig om gedurende die meer gevorderde of finale stadiums van die opwaartse fases vinnig te styg en om in die vroeë stadiums van die daaropvolgende afwaartse fases 'n hoogtepunt te bereik, waarna hulle weer vinnig teruggesak het. Hierdie algemene beskrywing is ook in redelike mate van toepassing op die mees onlangse konjunktursiklus vanaf November 1972 tot laat-1977. Hoewel die ondervinding sedert 1965 weer eens as duidelik te kort beskou moet word om as grondslag vir vaste gevolgtrekkings te dien, wil dit voorkom of hierdie algemene patroon van versnellings en vertrgings ook van toepassing is op die veranderings in die banke se regstreekse en onregstreekse besit aan likwiede bankaksepte, handelswissels en promesses, wat natuurlik normaalweg 'n aansienlike deel van die private sektor se totale bydrae tot die banke se likwiditeitsbasis uitmaak. Sikliese stygings in bankaksepte ens. as 'n komponent van die banke se likwiditeit kan klaarblyklik 'n weerspieëeling wees van die private sektor se verhoogde gebruikmaking van wissels vir die finansiering van die beweging van goedere gedurende stadiums van die konjunktuur-golf wanneer die ekonomiese bedrywigheid, die invoer van goedere en voorraadvorming op 'n hoë peil is en wanneer die banke, wat teenoor lae of dalende oorskotlikwiditeit te staan kom, die voorkeur kan gee aan die verlening van krediet aan die private sektor in likwiede vorm.

Die bankstelsel

Geen oortuigend duidelike sikliese patroon kan in die taamlik wisselvallige verloop van die totaalreeks met betrekking tot die bankstelsel se bydrae tot die banke se gesamentlike Likwiede Batebesit vanaf 1965 tot 1977 gevind word nie. Soos hierbo reeds opgemerk is, is hierdie reeks ook nie vir seisoensinvloede aangesuiwer nie. Van die samestellende reeks "omsetting van nie-Likwiede Bates in Likwiede Bates deur die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie" sou op grond van a priori beredenering veronderstel kon word dat dit gevoelig is vir veranderings in die rentekoerse en in rentekoersverwagtings en dat dit derhalwe een of ander vorm van sikliese gedrag sal toon. Hoewel die bedrag van die "omsetting" gedurende twee periodes van laagtepunte in die korttermynrentekoerse in ongeveer die middel van 1973

(gedurende die opwaartse fase van die konjunktuur) en weer eens in die middel van 1975 (gedurende die afwaartse fase) vergelykenderwys hoë vlakte bereik het, kan hieruit klaarblyklik geen sikliese patroon afgelei word nie.

Die totale likwiditeitsbasis

Soos voorheen opgemerk is, neig die sikliese en ander betreklik korttermynskommelings in die bydrae van verskillende sektore tot die banke se likwiditeitsbasis om mekaar tot op sekere hoogte te neutraliseer. Normaalweg wil dit egter voorkom of die sikliese skommelings in die bydrae van die buitelandse sektor dié in die bydraes van ander sektore oorheers. As gevolg hiervan toon die ontwikkelings sedert vroeg-1965 inderdaad dat die groei van die totale likwiditeitsbasis geneig is om sowel absoluut as persentueel in die loop van afwaartse fases te versnel en in die loop van opwaartse fases te verlangsaa. Die afwaartse fase van 1974 tot 1977 is egter weer eens 'n uitsondering op hierdie reël deurdat die owerheidsektor se grootskaalse toevlug tot financiering deur die banke gedurende die vierde kwartaal van 1974 en die eerste helfte van 1975 meegebring het dat 'n hoogtepunt in die groeikoers van die likwiditeitsbasis, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, in die baie vroeë stadiums van die afwaartse fase van die konjunktuur-golf bereik is, wat deur 'n geleidelike daling in hierdie groeikoers gedurende die grootste deel van die daaropvolgende resessie tot in die begin van 1977 gevolg is.

Veranderings in die oorskot-Likwiede Bates van bankinstellings weerspieël vanselfsprekend nie slegs veranderings in die banke se werklike Likwiede Batebesit nie, maar ook in die bedrag van hul vereiste Likwiede Bates. Laasgenoemde kan op sy beurt soms aanmerklik deur veranderings in die persentasies van die Likwiede Batevereistes beïnvloed word. Die verloop van sake sedert 1965 toon nietemin 'n taamlik duidelike neiging waarvolgens hoogte- en laagtepunte in die bedrag van die banke se oorskot-Likwiede Bates naby (moontlik effens ná) die onderste en boonste draapunte van die konjunktuur-golf, onderskeidelik, bereik word, soos op a priori gronde verwag sou kon word. Die hoogtepunt in die banke se oorskotlikwiditeit wat ongeveer in die middel van 1975 bereik is, is egter duidelik nie in ooreenstemming met hierdie patroon nie.

Langtermyn gedrag van die likwiditeitsbasis

Gedurende die hele tydperk van 51 kwartale vanaf die einde van Maart 1965 tot die einde van Desember 1977 het die banke se totale besit aan Likwiede Bates, voor uitskakeling van die seisoensinvloed, ietwat meer as sesvoudig van R732 miljoen tot R4 439 miljoen toegeneem. Op basis van die ooreenstemmende seisoensaangesuiwerde gegewens beteken dit 'n gemiddelde saamgestelde koers van toename van die likwiditeitsbasis van ongeveer 14,3 persent per

jaar of 3,4 persent per kwartaal. Gedurende hierdie tydperk het die banke se Likwiede Batebesit derhalwe gemiddeld elke 5,2 jaar verdubbel.³⁷

In die loop van die konjunktuurgolf, hoewel klaarblyklik nie noodwendig om suiver sikiiese redes alleen nie, kan die bydraes van individuele sektore tot die totale likwiditeitsbasis soms tot baie lae vlakke daal en selfs negatief word. As gevolg daarvan het vergelykende groeikoerse in hierdie afsonderlike sektorale bydraes oor gegewe periodes dikwels min betekenis of kan dit nie bereken word nie. Negatiewe bydraes tot die likwiditeitsbasis is byvoorbeeld deur die private sektor aan die einde van Maart 1965 (dit wil sê aan die begin van die tydperk van 51 kwartale onder beskouing) en deur die buitelandse sektor aan die einde van 1977 (aan die einde van hierdie tydperk) gemaak. Dit verdien nietemin om opgemerk te word dat R2 589 miljoen of 69,8 persent van die totale netto toename van R3 707 miljoen (vooruitskakeling van die seisoensinvloed) in die likwiditeitsbasis tussen die einde van Maart 1965 en die einde van Desember 1977 verklaar word deur die owerheidsektor, wat sy bydrae van R243 miljoen tot R2 832 verhoog het. Die netto bydraes van die buitelandse sektor, die nie-bank private sektor en die bankstelsel tot die totale toename in die likwiditeitsbasis gedurende hierdie tydperk het onderskeidelik -R461 miljoen of -12,4 persent, R847 miljoen of 22,9 persent, en R752 miljoen of 19,7 persent beloop.

Die volle tydperk vanaf die einde van Maart 1965 tot die einde van Desember 1977 kan in 'n beperkte aantal periodes van "hoe" en "lae" groeikoerse in die seisoensaangesuiwerde likwiditeitsbasis ingedeel word. Indien "hoe" en "lae" groeikoerse gedefinieer word as koerse wat onderskeidelik bo en onder die gemiddelde koers van 3,4 persent per kwartaal geleë is, en indien korttermynskommelings rondom hierdie gemiddelde geïgnoreer word, kan vier belangrike sub-periodes onderskei word, soos volg:

Die langtermynfases van vinnige en stadige uitbreiding van die likwiditeitsbasis soos dit hier bepaal is, sny deur die konjunktuurgolf en is in belangrike mate duidelik onafhanklik daarvan.³⁸ Die langdurige fase van stadige groei vanaf die einde van die eerste kwartaal van 1969 tot die einde van die eerste kwartaal van 1974 sluit byvoorbeeld die tweede helfte van die opwaartse konjunktuurfase van Januarie 1968 tot Desember 1970, die hele afwaartse konjunktuurfase van Januarie 1971 tot Oktober 1972, en die grootste deel van die opwaartse konjunktuurfase van November 1972 tot Julie 1974 in. Dit word egter nie aan die hand gedoen dat hierdie opeenvolging van langertermynfases van vinnige en stadige groei beskou moet word as die resultaat van 'n sistematiese stelkragte wat 'n "lang golf" veroorsaak in die koers waarteen die likwiditeitsbasis uitbrei nie. Afgesien van aanmerklike uiteenlopendheid in die lengte van die opeenvolgende fases van vinnige en stadige groei, toon die patroon van sektorale bydraes tot die uitbreiding van die likwiditeitsbasis ook duidelike verskille tussen die eerste en tweede fases van vinnige en stadige groei, onderskeidelik. Terwyl die relatief vinnige uitbreiding van die basis gedurende sy eerste periode van vinnige groei in die middel- en laat-estigerjare byvoorbeeld hoofsaaklik 'n kwessie van 'n groot toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes was, was die uitbreiding gedurende die tweede van hierdie fases grotendeels die gevolg van die owerheidsektor se toevlug tot netto kredietverlening deur die bankstelsel. Die tweede fase van stadige groei kon vernaamlik aan volgehoudings in die netto buitelandse reserwes gedurende die grootste deel van die betrokke agtien maande toegeskryf word, asook aan die feit dat die owerheidsektor slegs in beperkte mate op kort termyn van bankinstellings geleent het. Die uitbreiding van die basis gedurende hierdie periode sou egter nog kleiner gewees het as daar nie 'n betreklik aansienlike bydrae van die private sektor tot die groei in die banke se

Fases van vinnige en stadige groei van die likwiditeitsbasis

Fase	Periode	Aantal kwartale	Totale toename in likwiditeitsbasis, seisoensinvloed uitgeskakel, gedurende periode R miljoene	Gemiddelde saamgestelde kwartaallike groeikoers, %
Vinnige groei	Einde Maart 1965 – einde Maart 1969	16	812	102,7
Stadige groei	Einde Maart 1969 – einde Maart 1974	20	622	38,8
Vinnige groei	Einde Maart 1974 – einde Junie 1976	9	1 758	79,0
Stadige groei	Einde Junie 1976 – einde Desember 1977	6	377	9,7

37. Gedurende die periode waarin dit die vinnigste gegroe het, het die likwiditeitsbasis egter min of meer verdubbel in iets meer as twee jaar, vanaf die tweede kwartaal van 1974 tot die einde van Junie 1976. Die verdubbeling in die onmiddellik voorafgaande periode het daarenteen nie minder nie as sewe jaar nodig gehad.

38. Die korttermynskommelings in die groeikoers van die

seisoensaangesuiwerde likwiditeitsbasis rondom die langertermynneiging daarvan toon egter klaarblyklik nog steeds wel die invloed van die konjunktuurgolf. Dit sluit gevalle in waarin hierdie groeikoers gedurende fases van "vinnige" groei kortstondig nie die peil van 3,4 persent per kwartaal bereik het nie of gedurende fases van "stadige" groei hierdie syfer tydelik oorskry het.

Likwiede Batebesit voorgekom het nie. Hierdie verloop van sake was op sy beurt hoofsaaklik 'n weerspieëeling van toenames in die regstreekse financiering van die Landbank deur die Reserwebank en die handelsbanke, in die vorm van meer verdiskonterings van Landbankwissels, 'n hoër vlak van die voorskotte van die handelsbanke aan die Landbank, en toenames in die handelsbanke se besit aan korttermyn-Landbankobligasies.

Samenvatting

Veranderings in die banke se gesamentlike besit aan statutêre Likwiede Bates, tesame met veranderings in die looptydsamestelling (die "termyn"-struktuur) van hul verpligtings teenoor die publiek, in hul vraag na oorskotlikwiditeit, en in die Likwiede Batevereistes, lê ten grondslag aan veranderings in die banke se totale verpligtings teenoor die publiek, die geld- en kwasi-geldvoorraad en die banke se besit aan bates wat nie Likwiede Bates is nie. Sedert die toepassing van die Bankwet van 1965 was ander faktore as veranderings in die banke se werklike besit aan Likwiede Bates (dit wil sê faktore wat die grootte van die vermenigvuldiger wat op die banke se likwiditeitsbasis toegepas moet word, beïnvloed) van tyd tot tyd van aansienlike betekenis by die bepaling van die groei van die banke se totale besit aan laste en bates. Dit geld veral met betrekking tot periodieke veranderings (gewoonlik opwaarts) in die Likwiede Batevereistes ten opsigte van die banke se kort- en middeltermynverpligtings teenoor die publiek, wat reeds in Maart 1965 begin het maar waarvan die geskiedenis hier nie in besonderhede nagegaan is nie. Oor meer langdurige periodes is die uitwerking van hierdie verhogings van die vereiste Likwiede Bateverhoudings egter ietwat gematig deur 'n langtermynafname in die relatiewe belangrikheid van die banke se korttermynverpligtings. Indien die volle tydperk van 1965 tot 1977 in sy geheel beskou word, is die baie groot (tussen vier- en vyfoudige) uitbreiding van die private bankstelsel gedurende hierdie 13 jaar in die eerste plek 'n weerspieëling van 'n selfs nog groter (min of meer sesvoudige) relatiewe toename in die banke se likwiditeitsbasis.

Veranderings in die likwiditeitsbasis kan ontstaan in die buitelandse sektor, hoofsaaklik deur veranderings in die netto besit aan goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank; in die belastings- en bestedingsbedrywighede, die finansiering van tekorte en die staatskuldbheer van en deur die owerheidsektor; in die private sektor se opname van krediet van die Reserwebank, of van ander banke op maniere wat statutêre Likwiede Bates skep; en in sekere soorte transaksies tussen bankinstellings (met insluiting van die Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie en die diskontohuise) onder mekaar. In hierdie artikel en die statistiese tabelle wat daarmee saamgaan is die bydraes van hierdie verskillende sektore tot die likwiditeitsbasis van die banke bepaal en is die grootte van die onderskeie sektorale bydraes

tot die banke se totale besit aan Likwiede Bates op kwartaallike basis vanaf die eerste kwartaal van 1965 tot die einde van 1977 vasgestel. Die bydraes van verskeie sektore tot die banke se Likwiede Batebesit toon duidelike seisoens- sowel as sikeliese skommelings. Gedurende die tydperk van 51 kwartale in sy geheel het die grootste deel (dit wil sê ongeveer 70 persent) van die totale netto toename van R3 707 miljoen in die banke se gesamentlike Likwiede Bateportefeuilje egter sy oorsprong in die owerheidsektor gehad. In die meer onlangse verlede vanaf die einde van die derde kwartaal van 1974 (dit wil sê min of meer vanaf die begin van die mees onlangse afwaartse fase van die konjunktuurgolf in die Suid-Afrikaanse ekonomie) tot die einde van 1977 het die owerheidsektor 'n netto bedrag van R1 922 miljoen aan Likwiede Bates aan die bankstelsel voorsien. Dit kan met 'n toename van R1 887 miljoen (tot R4 439 miljoen) in die banke se totale besit aan Likwiede Bates gedurende hierdie periode vergelyk word.